- “ingenieursdiens”** ’n stelsel vir die verskaffing van water, riolering, elektrisiteit, munisipale paaie, stormwaterdreinerings en gas, en vir die insameling en verwydering van vaste afval, benodig vir die doel van grondontwikkeling; 40
- “interne ingenieursdiens”** ’n ingenieursdiens wat deur ’n munisipaliteit of ’n diensverskaffer besit en bedryf word binne die grense van ’n grondgebied bedoel in ’n grondgebruikaansoek en wat nodig is vir die aanwending en ontwikkeling van die grond;
- “Komitee”** die Beplanningsadvieskomitee wat kragtens artikel 62 ingestel kan word; 45

- “kulturele betekenis”** kulturele betekenis soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999);
- “Landmeter-generaal”** die Landmeter-generaal van die Kantoor van die Landmeter-generaal van die Provinsie soos beoog in die Grondopmetingswet, 1997;
- “metropolitaanse munisipaliteit”** ’n metropolitaanse munisipaliteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998; 5
- “munisipale bestuurder”** ’n munisipale bestuurder soos omskryf in artikel 1 van die Munisipale Stelselswet;
- “munisipale gebied”** die regsgebied van ’n munisipaliteit wat ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998), bepaal word; 10
- “munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk”** ’n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 10;
- “Munisipale Stelselswet”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);
- “munisipaliteit”** ’n munisipaliteit soos omskryf in artikel 2 van die Munisipale Stelselswet, en— 15
- (a) beteken ook ’n munisipale departement, die munisipale raad, die munisipale bestuurder of ’n besluitnemingsgesag van die munisipaliteit, na gelang van die konteks;
 - (b) met betrekking tot ’n soneringskema of ’n grondgebruikaansoek, verwys na die plaaslike munisipaliteit of die metropolitaanse munisipaliteit van die munisipale gebied waarin die betrokke grond geleë is; en 20
 - (c) met betrekking tot enige ander munisipale werksaamheid of bevoegdheid, verwys na die metropolitaanse munisipaliteit, die plaaslike munisipaliteit of die distriksmunisipaliteit, na gelang van die geval, wat die werksaamheid of bevoegdheid het ooreenkomstig die verdeling van werksaamhede en bevoegdhede ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998; 25
- “omgewing”** omgewing soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998); 30
- “onderverdeling”**, met betrekking tot grond, die verdeling van ’n grondeenheid in meer grondeenhede, en beteken ook enige fisiese aktiwiteit op die grond om die grond vir onderverdeling voor te berei, maar beteken nie ook die voorbereiding van ’n onderverdelingsplan nie;
- “onderverdelingsplan”** die plan beoog in artikel 36(3) 35
- (b);
- “ontwikkelingsbestuur”** die bestuur van grondontwikkeling deur middel van die maatreëls waarvoor daar in Hoofstukke IV en V, en in Hoofstukke VI tot IX vir sover dit op Hoofstukke IV en V van toepassing is, voorsiening gemaak word;
- “ontwikkelingsparameter”** ’n bepaling of beperking in ’n soneringskema wat die toelaatbare omvang van die grondgebruik ingevolge ’n sonering uiteensit; 40
- “openbare plek”** enige oop of omheinde plek, park, straat, pad of deurgang of ander soortgelyke grondgebied aangetoon op ’n algemene plan of diagram wat vir gebruik deur die algemene publiek is en besit word deur, of waarvan die eienaarskap vestig in, ’n munisipaliteit, en beteken ook ’n openbare oop ruimte en ’n serwituut vir enige soortgelyke doel ten gunste van die algemene publiek; 45
- “Ordonnansie”** die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985);

- “**persoon**” enige natuurlike of regs persoon, met inbegrip van ’n staatsorgaan;
- “**plaaslike munisipaliteit**” ’n plaaslike munisipaliteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998;
- “**provinsiale**” van of deur die Provinsiale Regering;
- “**Provinsiale Minister**” die Provinsiale Minister verantwoordelik vir 5 grondgebruikbeplanning;
- “**Provinsiale Regering**” die provinsiale regering van die Provinsie;
- “**provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk**” ’n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 4;
- “**provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk**” ’n provinsiale streeks- 10 ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 7;
- “**Provinsie**” die Provinsie Wes-Kaap;
- “**register**” ’n register van ’n soneringskema beoog in artikel 24(d);
- “**Registrasie van Aktes Wet**” die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937);
- “**Registrateur van Aktes**” die Registrateur van Aktes van die Provinsie beoog in die 15 Registrasie van Aktes Wet;
- “**ruimtelike beplanning**” die beplanning vir grondgebruik deur middel van die maatreëls waarvoor daar in Hoofstuk III, en Hoofstukke VI tot IX vir sover dit op Hoofstuk III van toepassing is, voorsiening gemaak word, en beteken ook die 20 ruimtelike vergestaltung daarvan;
- “**ruimtelike ontwikkelingsraamwerk**” ’n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, ’n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ’n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- “**serwituut**” ’n serwituut geregistreer teen ’n titelakte van grond;
- “**soneer**”, met betrekking tot grond, om die grond aan te wys vir ’n bepaalde sonering; 25
- “**sonering**” ’n grondgebruikkategorie wat die aanwending en ontwikkeling van grond reguleer en—
- (a) die doeleindes waarvoor grond aangewend kan word; en
 - (b) die ontwikkelingsparameters wat op daardie grondgebruikkategorie van toepassing is, uiteensit soos bepaal deur die toepaslike soneringskema; 30
- “**soneringskaart**” ’n kaart van ’n soneringskema beoog in artikel 24(e);
- “**soneringskema**” die instrumente bedoel in artikels 22 tot 24, of artikel 33, om grond te soneer, te reguleer en te beheer;
- “**staatsorgaan**” ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;
- “**streek**” ’n geografiese gebied wat bestaan uit die munisipale gebiede, of gedeeltes van 35 die munisipale gebiede, van—
- (a) meer as een plaaslike munisipaliteit; of
 - (b) ’n metropolitaanse munisipaliteit en een of meer aangrensende plaaslike munisipaliteite;
- “**struktuurplan**” ’n struktuurplan wat van krag is ingevolge artikel 16(1)(b) 40 saamgelees met artikel 16(3) en (4);

- “**titelakte**” enige akte geregistreer in ’n akteskantoor wat die eienaarskap van grond of ’n saaklike reg in grond aanteken;
- “**vergunningsgebruik**” ’n grondgebruik toegelaat ingevolge ’n bepaalde sonering met die goedkeuring van ’n munisipaliteit;
- “**voldoen**”, met betrekking tot ’n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, ’n 5
grondgebruikaansoek, of ’n grondontwikkelingsaansoek, dieselfde as die betekenis uiteengesit in artikel 19(1);
- “**volhoubare ontwikkeling**” volhoubare ontwikkeling soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998;
- “**voorskryf**” voorskryf by regulasie kragtens hierdie Wet; 10
- “**Wet op Landelike Gebiede**” die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet 9 van 1987);
- “**Wet op Minder Formele Dorpstigting**” die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991 (Wet 113 van 1991);
- “**1984-Regulasies**” die regulasies gemaak kragtens artikel 66(1) van die Wet op die 15
Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.1897/1986 in *Staatskoerant* 10431 van 12 September 1986 en Provinsiale Kennisgewing 733/1989 in *Provinsiale Koerant* 4606 van 22 September 1989, ten opsigte van alle dorpsbeplanningskemas wat onmiddellik voor die inwerkingtreeding van hierdie Wet bestaan. 20

HOOFSTUK II

WERKSAAMHEDE VAN MUNISIPALITEITE EN PROVINSIALE REGERING

Wersaamhede van munisipaliteite

2. (1) Munisipaliteite is verantwoordelik vir grondgebruikbeplanning in hul onderskeie munisipale gebiede en binne hul regsbevoegdheid. 25
- (2) ’n Munisipaliteit moet minstens die volgende reguleer:
- (a) die ontwikkeling, aanneming, wysiging en hersiening van ’n soneringskema vir die munisipale gebied;
 - (b) die prosedures ingevolge waarvan die munisipaliteit grondgebruikaansoeke ontvang, oorweeg en daaroor besluit; 30
 - (c) die prosedures ingevolge waarvan die munisipaliteit openbare deelname aan sy oorweging van grondgebruikaansoeke fasiliteer;
 - (d) die maatstawwe om oor grondgebruikaansoeke te besluit;
 - (e) die oplegging van voorwaardes van goedkeuring vir grondgebruikaansoeke;
 - (f) die prosedures van toepassing nadat ’n grondgebruikaansoek goedgekeur is; 35
en
 - (g) die afdwinging deur die munisipaliteit van sy verordeninge en besluite ten opsigte van grondgebruikbeplanning.
- (3) ’n Munisipaliteit moet die werksaamhede bedoel in hierdie artikel ooreenkomstig hierdie Wet verrig. 40

Wersaamhede van Provinsiale Regering

3. (1) Die Provinsiale Kabinet moet ’n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ooreenkomstig artikels 4 en 5 aanneem en hersien en kan dit ooreenkomstig daardie artikels wysig.
- (2) Die Provinsiale Minister kan ’n provinsiale streeks- ruimtelike 45
ontwikkelingsraamwerk in die omstandighede beoog in artikel 7 aanneem, wysig of hersien.
- (3) Die Departementshoof moet oor grondontwikkelingsaansoeke besluit en die Provinsiale Minister moet oor appèlle ten opsigte daarvan besluit.

- (4) Die Provinsiale Minister moet die voldoening aan die beginsels bedoel in Hoofstuk VI monitor.
- (5) Die Provinsiale Minister moet provinsiale grondgebruikbeplanning en die impak van een of meer van die volgende aangeleenthede op provinsiale grondgebruikbeplanning monitor: 5
- (a) rampbestuur;
 - (b) behuising;
 - (c) streeksbeplanning en -ontwikkeling;
 - (d) stedelike en landelike ontwikkeling;
 - (e) provinsiale toerisme; 10
 - (f) beskerming van biodiversiteit, en erfenis- en landbouhulpbronne;
 - (g) hoof- openbare-infrastruktuurfasiliteite en -dienste;
 - (h) water- en energiehulpbronne;
 - (i) aanpassing by klimaatsverandering en die versagting van die impak van klimaatsverandering; 15
 - (j) hernubare-energieproduksie en energiebewaring; of
 - (k) ekonomiese ontwikkeling.
- (6) Die Provinsiale Minister kan die volgende monitor:
- (a) die finansiële en menshulpbronvermoë van munisipaliteite om hul werksaamhede ten opsigte van grondgebruikbeplanning te verrig; 20
 - (b) die doeltreffendheid van die verrigting deur munisipaliteite van hul werksaamhede ten opsigte van grondgebruikbeplanning;
 - (c) die impak van munisipale grondgebruikbeplanning op—
 - (i) die aangeleenthede bedoel in subartikel (5);
 - (ii) die implementering en ooreenstemming van die planne en strategieë van 25 die Provinsiale Regering en ander staatsorgane;
 - (iii) bestaande munisipaledienste-infrastruktuur en munisipale padnetwerke;
 - (d) die bestaande en toekomstige beskikbaarheid van—
 - (i) ingenieursdienste om munisipale grondgebruikbeplanning te implementeer; 30
 - (ii) gemeenskaps- en openbare fasiliteite om munisipale grondgebruikbeplanning te ondersteun.
- (7) Die Provinsiale Minister moet munisipaliteite ondersteun om hul werksaamhede ten opsigte van grondgebruikbeplanning te verrig deur middel van geskikte maatreëls, met inbegrip van een of meer van die volgende: 35
- (a) die uitreiking van riglyne oor die implementering van hierdie Wet en ander tersaaklike wetgewing;
 - (b) die uitreiking van gestandaardiseerde modelle en konsepdokumente van munisipale beleid, verordeninge, besluite en vorms;
 - (c) die verskaffing van inligting en leiding aan munisipaliteite vir hul 40 besluitneming ten opsigte van grondgebruikbeplanning;
 - (d) die verskaffing van tegniese bystand, opleiding en ondersteuning aan munisipaliteite;
 - (e) die sekondering van provinsiale werknemers na 'n munisipaliteit in oorleg met munisipaliteite wat geraak word; of 45
 - (f) die verskaffing van enige ander ondersteuningsmaatreël.
- (8) Die Provinsiale Minister—
- (a) kan regulasies maak; of
 - (b) riglyne, minimum vereistes, beginsels en norme en standarde uitreik,
- wat bestaanbaar is met hierdie Wet ten einde die implementering van subartikels (4) tot 50 (6) te fasiliteer en om toe te sien dat munisipaliteite hul werksaamhede ten opsigte van grondgebruikbeplanning doeltreffend verrig.

HOOFSTUK III

RUIMTELIKE BEPLANNING

Deel 1:

Provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk

Provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk 5

4. (1) Die Premier moet ingevolge artikel 5 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir aanneming deur die Provinsiale Kabinet saamstel.
- (2) Die doel van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk is om—
- (a) voorsiening te maak vir die koördinerings-, integrerings- en ooreenstemming van provinsiale ontwikkelingsbeleid ten opsigte van die provinsiale funksionele gebiede gelys in Bylaes 4 en 5 by die Grondwet en die grondgebruik-implikasies daarvan; 10
 - (b) gewenste grondgebruik aan te dui en voorspelbaarheid in die aanwending van grond te bevorder; en
 - (c) koördinerings-, integrerings-, en ooreenstemming van nasionale, provinsiale en munisipale grondgebruikbeplanningsbeleid te fasiliteer. 15
- (3) Die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet minstens die volgende bevat:
- (a) 'n ruimtelike visie vir die geïntegreerde ontwikkeling van die Provinsie;
 - (b) 'n evaluering van— 20
 - (i) die bestaande vlakke van ontwikkeling in die Provinsie; en
 - (ii) die uitdagings van provinsiale grondgebruikbeplanning met betrekking tot ander provinsiale funksionele gebiede wat in Bylaes 4 en 5 by die Grondwet gelys word;
 - (c) provinsiale prioriteite, doelwitte en strategieë wat in die besonder handel met— 25
 - (i) voldoening aan beginsels vir grondgebruikbeplanning;
 - (ii) biodiversiteit, ekologie, provinsiale toerisme, erfenis- en landbouhulpbronne, sosio-ekonomiese ontwikkeling en doelmatige gebruik van hulpbronne; en 30
 - (iii) aanpassing by klimaatsverandering, versagting van die impak van klimaatsverandering, hernubare-energieproduksie en energiebewaring; en
 - (d) 'n beskrywing van die proses wat gevolg is in die samestelling van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk. 35

Samestelling, aanneming, wysiging of hersiening van provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk

5. (1) Die Premier moet 'n *ad hoc*-interregerings-loodskomitee aanstel om 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te hersien vir goedkeuring deur die Provinsiale Kabinet en kan 'n *ad hoc*-interregerings-loodskomitee aanstel om 'n wysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel wat nie uit 'n hersiening daarvan voortspruit nie. 40
- (2) Die komitee moet bestaan uit minstens—
- (a) persone met kennis van, en ondervinding in, grondgebruikbeplanning;
 - (b) persone met kennis van, en ondervinding in, omgewingsbestuur; 45
 - (c) persone wat geregistreerde beplanners is; en
 - (d) verteenwoordigers, soos voorgeskryf, van plaaslike, metropolitaanse en distriksmunisipaliteite, die Provinsiale Regering en tersaaklike staatsorgane.
- (3) Die Provinsiale Minister moet prosedures voorskryf vir—
- (a) die benoeming, aanstelling en aanstellingstermyne van lede van die komitee, en die funksionering van die komitee; 50
 - (b) die samestelling, aanneming, wysiging en hersiening van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk; en
 - (c) interregerings- en openbare oorlegpleging ten opsigte van die aanneming, wysiging en hersiening van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk. 55

(4) Die Provinsiale Minister kan 'n afwyking magtig, of 'n vrystelling verleen, van die prosedures bedoel in subartikel (3) ten einde die Provinsiale Kabinet in staat te stel om 'n konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, aan te neem.

(5) Die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet minstens elke 10 jaar 5
hersien word.

Inisiëring van wysiging van provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk

6. Die Departementshoof kan, uit eie beweging of op versoek, die wysiging van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir goedkeuring deur die Provinsiale Kabinet ooreenkomstig die prosedures beoog in artikel 5(3)(b) en (c) inisieer. 10

Deel 2:

Provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

Provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

7. (1) Die Provinsiale Minister kan 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir 'n streek aanneem na oorlegpleging met die tersaaklike munisipaliteite of enige ander tersaaklike gesag in die streek. 15

(2) Die doel van 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk is om, in 'n spesifieke streek—

(a) 'n ruimtelike visie te verskaf wat 'n ewewig tussen ekonomiese, maatskaplike en omgewingsoorwegings nastreef; 20

(b) rasonale en voorspelbare grondgebruikbeplanning te bevorder;

(c) die koördinerende, integrerende en ooreenstemmende van provinsiale en munisipale beleid ten opsigte van grondgebruikbeplanning te fasiliteer; en

(d) aandag te gee aan spesifieke ekonomiese, maatskaplike, natuurlike of unieke eienskappe. 25

(3) 'n Provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet, met betrekking tot die streek waarop dit van toepassing is, minstens die aangeleenthede bedoel in artikel 4(3)(a) tot (d), saamgelees met die nodige veranderinge, bevat.

(4) 'n Provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet met die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk bestaanbaar wees. 30

Samestelling, aanneming, wysiging, hersiening of intrekking van provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

8. (1) Artikel 5(1) tot (3), saamgelees met die nodige veranderinge, is van toepassing op die samestelling, aanneming, wysiging, hersiening of intrekking van 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk. 35

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1), moet 'n verwysing na die Premier of die Provinsiale Kabinet in artikel 5(1) uitgelê word as 'n verwysing na die Provinsiale Minister.

(3) 'n Provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet minstens elke 10 jaar hersien word. 40

Inisiëring van wysiging of intrekking van provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

9. Die Departementshoof kan, uit eie beweging of op versoek, die wysiging of intrekking van 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk inisieer vir goedkeuring deur die Provinsiale Minister ooreenkomstig die prosedures beoog in artikel 8(1). 45

Deel 3:

Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

10. (1) 'n Munisipaliteit moet aan artikel 11 voldoen wanneer hy sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Munisipale Stelselwet aanneem of wysig. 5

(2) 'n Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet minstens—

- (a) aan ander toepaslike wetgewing voldoen;
- (b) voorspelbaarheid in die aanwending van grond bevorder;
- (c) aandag gee aan ontwikkelingsprioriteite; 10
- (d) waar tersaaklik, voorsiening maak vir spesifieke ruimtelike fokusgebiede, met inbegrip van dorpe, ander nodusse, sensitiewe gebiede of gebiede wat spesifieke ontwikkelingsdruk ondervind; en
- (e) bestaan uit 'n verslag en kaarte wat die hele munisipale gebied dek en munisipale beplanning en die volgende vormgewende elemente weergee: 15
 - (i) vervoerroetes;
 - (ii) oopruimtestelsels en ekologiese stroke;
 - (iii) voorgestelde groot projekte met wesenlike ruimtelike implikasies, ongeag die aard of befondsingsbron daarvan;
 - (iv) die buitenste grense van laterale uitbreiding; en 20
 - (v) die verdigting van stedelike gebiede.

(3) 'n Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet in ooreenstemming wees met die provinsiale ontwikkelingsplanne en -strategieë en moet daardie ontwikkelingsplanne en -strategieë aanvul deur 'n kaart in te sluit wat minstens die volgende in die munisipale gebied identifiseer: 25

- (a) die provinsiale pad- en verkeersnetwerk;
- (b) die provinsiale openbare vervoernetwerk;
- (c) bestaande en beplande provinsiale gesondheids- en onderwysfasiliteite;
- (d) erfenis-, landbou- en toerismehulpbronne van provinsiale belang; en
- (e) waar tersaaklik, gebiede van erkende provinsiale ekologiese waarde, met inbegrip van— 30
 - (i) natuurbewaringsgebiede;
 - (ii) gebiede van hoë biodiversiteitswaarde;
 - (iii) gebiede wat toegewyde grondbewaring vereis;
 - (iv) gebiede wat 'n toegewyde besoedelingsbeheerregime vereis; en 35
 - (v) gebiede wat toegewyde strategieë vereis om by klimaatsverandering aan te pas en die impak van klimaatsverandering te versag.

Aanneming of wysiging van munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

11. Die proses wat 'n munisipaliteit ingevolge artikel 28 van die Munisipale Stelselwet aanneem in verband met die aanneming of wysiging van sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet voorsiening maak vir— 40

- (a) die instelling van 'n interregerings- loodskomitee om 'n konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n konsepwysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel; of
- (b) 'n prosedure wat aan artikel 13 voldoen. 45

Interregerings- loodskomitee

12. (1) Indien 'n munisipaliteit 'n interregerings- loodskomitee bedoel in artikel 11

- (a) instel, moet die komitee bestaan uit minstens—
 - (a) die munisipale bestuurder, of 'n munisipale werknemer aangewys deur die munisipale bestuurder; en 50
 - (b) verteenwoordigers van—
 - (i) die munisipaliteit, benoem deur die munisipale bestuurder;
 - (ii) die Departement, benoem deur die Departementshoof; en
 - (iii) die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake, benoem deur die hoof van daardie departement. 55

- (2) Die lede van die interregerings- loodskomitee moet persone wees wat aangestel is op grond van hul kwalifikasies en ondervinding in, en kennis van, grondgebruikbeplanning of omgewingsbestuur.
- (3) Die interregerings- loodskomitee—
- (a) se voorsitter is die munisipale bestuurder of die munisipale werknemer aangewys deur die munisipale bestuurder ingevolge subartikel (1)(a), na gelang van die geval; 5
 - (b) bepaal sy eie prosedures, wat vir minstens 'n kworum en besluitneming voorsiening moet maak; en
 - (c) kan subkomitees aanstel en take aan sodanige subkomitees opdra. 10
- (4) Die lede beoog in subartikel (1)(b)(ii) en (iii) moet skriftelike provinsiale kommentaar op 'n konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n konsepwysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gedurende die samestellingsproses daarvan aan die munisipaliteit lewer.

Prosedure sonder interregerings-loodskomitee 15

- 13.** (1) Indien 'n interregerings- loodskomitee beoog in artikel 12 nie ingestel word nie—
- (a) moet die munisipaliteit 'n konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n konsepwysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir skriftelike kommentaar by die Provinsiale Minister indien; en 20
 - (b) mag die munisipaliteit nie sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aanneem of 'n wysiging daarvan goedkeur totdat—
 - (i) die munisipaliteit die kommentaar bedoel in subartikel (2) ontvang en oorweeg het nie; of
 - (ii) die tydperk bedoel in subartikel (2) geëindig het en indien geen 25 kommentaar gedurende daardie tydperk van die Provinsiale Minister ontvang is nie.
- (2) Die Provinsiale Minister moet, binne 60 dae van ontvangs van 'n konsep- munisipale ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ingevolge subartikel (1)(a), skriftelike kommentaar daarop aan 30 die munisipaliteit lewer.
- (3) Die tydperk bedoel in subartikel (2) kan met die instemming van die munisipaliteit verleng word.

Indiening van munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

- 14.** (1) 'n Munisipale bestuurder moet, binne die tydperk beoog in artikel 32(1) van 35 die Munisipale Stelselwet, die volgende by die Provinsiale Minister indien:
- (a) 'n skriftelike kennisgewing van die besluit om 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aan te neem of te wysig, tesame met die redes vir die besluit;
 - (b) die aangenome of gewysigde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk; 40 en
 - (c) 'n verslag wat die terugvoering van die munisipaliteit op die kommentaar wat ingevolge artikel 12(4) of 13(2) gelewer is, uiteensit.

Bestaanbaarheid tussen munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

- 15.** (1) Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke van plaaslike munisipaliteite 45 en die tersaaklike distriksmunisipaliteit moet met mekaar bestaanbaar wees.
- (2) Die prosedures wat ingevolge artikel 27 van die Munisipale Stelselwet deur 'n distriksmunisipaliteit aangeneem word, moet 'n proses insluit vir beslegting van geskille rakende bestaanbaarheid tussen onderskeidelik munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke wat deur die plaaslike munisipaliteite in sy distriksmunisipale 50 gebied aangeneem word en sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.
- (3) Die proses vir geskilbeslegting moet 'n prosedure bevat waarvolgens die Provinsiale Minister van 'n geskil in kennis gestel word.

Deel 4:

Oorgangs- en algemene reëlings

Strukturplanne

16. (1) Ondanks die herroeping van die Ordonnansie by artikel 77—
- (a) bly die strukturplan wat goedgekeur is ingevolge artikel 4(6) van die Ordonnansie en by Provinsiale Kennisgewing 236/2009 in *Provinsiale Koerant* 6641 van 10 Julie 2009 gepubliseer is of enige wysiging of vervanging daarvan voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, van krag en word dit geag as die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat ingevolge artikel 4(1) aangeneem is; en 5 10
- (b) behoudens subartikel (2), bly enige ander strukturplan wat ingevolge artikel 4(6) of 4(10) van die Ordonnansie goedgekeur is en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, van krag.
- (2) Ondanks subartikel (1)(b), word die Algemene Strukturplan bedoel in Omsendbrief LDC 9 van 8 Desember 1988, goedgekeur ingevolge artikel 4(6) van die Ordonnansie, en alle wysigings daarvan, ingetrek by die inwerkingtreding van hierdie Wet. 15
- (3) 'n Strukturplan bedoel in subartikel (1)(b) verval twee jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet.
- (4) 'n Munisipaliteit kan, voordat 'n strukturplan verval, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die toepassing daarvan in sy munisipale gebied intrek. 20

Voortsetting van ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

17. Indien grond wat in die munisipale gebied van 'n munisipaliteit geleë is by die munisipale gebied van 'n ander munisipaliteit ingesluit word, bly 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ten opsigte van daardie grond van toepassing op die munisipale gebied waarop dit van toepassing was voor die insluiting totdat dit ooreenkomstig hierdie Hoofstuk deur die ontvangende munisipaliteit gewysig is. 25

Publisering van ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

18. (1) 'n Munisipaliteit moet, na die aanneming of wysiging van sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, 'n kennisgewing van sy besluit in die *Provinsiale Koerant* publiseer. 30
- (2) Indien 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gewysig word as gevolg van 'n besluit van 'n *ad hoc*-komitee beoog in artikel 33 van die Munisipale Stelselwet, moet 'n kennisgewing van die wysiging ooreenkomstig subartikel (1) gepubliseer word.
- (3) Die Provinsiale Minister moet, binne 21 dae van die aanneming of wysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, 'n kennisgewing van die besluit in die *Provinsiale Koerant* publiseer. 35
- (4) 'n Provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, 'n provinsiale streeks-ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n wysiging van enige van die twee tree in werking op die datum van publikasie van die kennisgewing beoog in subartikel (3). 40

Voldoening aan, of bestaanbaarheid met, en verskil van, ruimtelike ontwikkelingsraamwerke of strukturplanne

19. (1) Indien 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of strukturplan spesifiek voorsiening maak vir die aanwending of ontwikkeling van grond soos voorgestel in 'n grondgebruiksaansoek of 'n grondontwikkelingsaansoek, word die voorgestelde aanwending of ontwikkeling geag te voldoen aan daardie ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of strukturplan. 45
- (2) Indien 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of strukturplan nie spesifiek voorsiening maak vir die aanwending of ontwikkeling van grond soos voorgestel in 'n grondgebruiksaansoek of grondontwikkelingsaansoek nie, maar die voorgestelde aanwending of ontwikkeling is nie in stryd met die doel van die tersaaklike aanwysing in die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of strukturplan nie, word die voorgestelde 50

aanwending of ontwikkeling geag bestaanbaar te wees met daardie ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of struktuurplan.

(3) Indien die voorgestelde aanwending of ontwikkeling van grond in 'n grondgebruiksaansoek of grondontwikkelingsaansoek nie voldoen aan die tersaaklike aanwysing vir die aanwending van grond in 'n toepaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of struktuurplan en nie daarmee bestaanbaar is nie, verskil die voorgestelde aanwending of ontwikkeling van daardie ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of struktuurplan. 5

Rekords van ruimtelike ontwikkelingsraamwerke

20. (1) Die tersaaklike bevoegde gesag moet sy ruimtelike ontwikkelingsraamwerk bygewerk hou en die bygewerkte ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir die publiek toeganklik maak. 10

(2) 'n Bygewerkte ruimtelike ontwikkelingsraamwerk moet 'n rekord aantoon van—

(a) in die geval van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, goedgekeurde grondontwikkelingsaansoeke wat van daardie ruimtelike ontwikkelingsraamwerk verskil soos beoog in artikel 19(3); 15

(b) in die geval van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, goedgekeurde grondgebruiksaansoeke wat van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk verskil soos beoog in artikel 19(3); en 20

(c) wysigings van die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

Integrering van ander planne, beleid of raamwerke

21. Wanneer daar van die Provinsiale Regering of 'n munisipaliteit vereis word om 'n plan, beleid of raamwerk wat grondgebruikbeplanning raak, goed te keur ingevolge ander wetgewing, kan die Provinsiale Minister of munisipaliteit daardie plan, beleid of raamwerk, of 'n wysiging daarvan, met 'n tersaaklike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk integreer indien— 25

(a) daar aan al die toepaslike wetgewing voldoen is; en

(b) die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk die tersaaklike wetgewing ingevolge waarvan dit goedgekeur is en enige gesag wat dit goedgekeur het, vermeld. 30

HOOFSTUK IV

MUNISIPALE ONTWIKKELINGSBESTUUR

Deel 1:

Soneringskemas

Soneringskema vir munisipale gebied 35

22. (1) Elke plaaslike munisipaliteit en metropolitaanse munisipaliteit moet 'n enkele soneringskema, wat vir minstens die aangeleenthede bedoel in artikel 24 voorsiening maak, vir sy hele munisipale gebied aanneem.

(2) Wanneer 'n munisipaliteit sy soneringskema aanneem, moet die munisipaliteit aan hierdie Wet en die verdere minimum vereistes soos vir soneringskemas voorgeskryf kan word, voldoen. 40

(3) 'n Munisipaliteit moet sy soneringskema minstens elke 10 jaar hersien.

(4) Wysigings wat uit 'n hersiening van 'n soneringskema voortspruit, moet ooreenkomstig artikel 25 goedgekeur word.

Doel van soneringskemas 45

23. Die doel van 'n soneringskema is om minstens—

(a) vir ordelike ontwikkeling en die welsyn van die gemeenskap voorsiening te maak; en

(b) gebruiksregte en ontwikkelingsparameters te bepaal,

met behoorlike oorweging van die beginsels bedoel in Hoofstuk VI. 50

Inhoud van soneringskemas

24. 'n Soneringskema moet voorsiening maak vir minstens—
- (a) die sonering van grond;
 - (b) toelaatbare grondgebruike;
 - (c) die inwerkingtreding van nuwe sonerings indien daar in die soneringskema vir nuwe sonerings voorsiening gemaak word; 5
 - (d) die byhou van 'n register om afwykings, afwykende grondgebruike beoog in artikel 29(1)(c)(i) en vergunningsgebruike aan te teken; en
 - (e) die goedkeuring van 'n soneringskaart om die volgende aan te teken:
 - (i) sonering van grondeenhede en verwysings na inskrywings in die register; en
 - (ii) hersonerings en wysigings aan verwysings na die register, waar 'n grondgebruikbeplanningaansoek goedgekeur word deur die munisipaliteit of waar 'n gebruiksreg verval het. 10

Samestelling of wysiging van soneringskemas 15

25. 'n Munisipaliteit moet sy soneringskema saamstel of wysig deur—
- (a) 'n interregerings- loodskomitee in te stel, om 'n konsep- soneringskema of 'n konsepwysiging van 'n soneringskema saam te stel; of
 - (b) die prosedure uiteengesit in artikel 27 te volg.

Interregerings-loodskomitee 20

26. (1) Indien 'n munisipaliteit 'n interregerings- loodskomitee bedoel in artikel 25
- (a) instel, moet die komitee bestaan uit minstens—
 - (a) die munisipale bestuurder of 'n munisipale werknemer aangewys deur die munisipale bestuurder; en
 - (b) verteenwoordigers van— 25
 - (i) die munisipaliteit, benoem deur die munisipale bestuurder;
 - (ii) die tersaaklike distriksmunisipaliteit, benoem deur sy munisipale bestuurder; en
 - (iii) die Departement, benoem deur die Departementshoof.
- (2) Die lede van die interregerings- loodskomitee moet persone wees wat aangestel is op grond van hul kwalifikasies en ondervinding in, en kennis van, grondgebruikbeplanning. 30
- (3) Die interregerings- loodskomitee—
- (a) se voorsitter is die munisipale bestuurder of die munisipale werknemer wat deur die munisipale bestuurder ingevolge subartikel (1)(a) aangewys word, na gelang van die geval; 35
 - (b) bepaal sy eie prosedures, wat vir minstens 'n kworum en besluitneming voorsiening moet maak; en
 - (c) kan subkomitees aanstel en take aan sodanige subkomitees opdra.
- (4) Die lede beoog in subartikel (1)(b)(iii) moet skriftelike provinsiale kommentaar op 'n konsep- soneringskema of 'n konsepwysiging van 'n soneringskema gedurende die samestellingsproses daarvan aan die munisipaliteit lewer. 40

Prosedure sonder interregerings- loodskomitee

27. (1) Indien 'n interregerings- loodskomitee beoog in artikel 26 nie ingestel word nie— 45
- (a) moet die munisipaliteit 'n konsep- soneringskema of konsepwysiging van 'n soneringskema, uitgesluit die register en soneringskaart, vir skriftelike kommentaar by die Provinsiale Minister indien; en
 - (b) mag die munisipaliteit nie sy soneringskema aanneem of 'n wysiging daarvan goedkeur totdat— 50
 - (i) die munisipaliteit die kommentaar bedoel in subartikel (2) ontvang en oorweeg het nie; of
 - (ii) die tydperk bedoel in subartikel (2) geëindig het en indien geen kommentaar gedurende daardie tydperk van die Provinsiale Minister ontvang is nie. 55

(2) Die Provinsiale Minister moet, binne 60 dae van ontvangs van 'n konsep-soneringskema of konsepwysiging van 'n soneringskema ingevolge subartikel (1)(a), skriftelike kommentaar daarop aan die munisipaliteit lewer.

(3) Die tydperk bedoel in subartikel (2) kan met die instemming van die munisipaliteit verleng word. 5

Indiening van soneringskemas

28. 'n Munisipaliteit moet, binne 30 dae van goedkeuring van 'n soneringskema of wysiging daarvan, die volgende by die Premier indien:

- (a) 'n skriftelike kennisgewing van die besluit om die soneringskema aan te neem of te wysig; 10
- (b) die aangenome of gewysigde soneringskema, uitgesluit die register of soneringskaart; en
- (c) 'n verslag wat die terugvoering van die munisipaliteit op die kommentaar wat ingevolge artikel 26(4) of 27(2) gelewer is, uiteensit.

Inwerkingtreding van soneringskemas

15

29. (1) 'n Munisipaliteit moet vir gepaste maatreëls voorsiening maak ter regulering van—

- (a) die inwerkingtreding van 'n soneringskema wat ooreenkomstig hierdie Wet goedgekeur word en van daaropvolgende hersienings en wysigings daarvan; 20
- (b) die oorgang, ooreenkomstig artikel 34, van—
 - (i) 'n soneringskema wat ingevolge artikel 33 van krag is na 'n soneringskema wat ooreenkomstig hierdie Wet aangeneem word; en
 - (ii) 'n soneringskema wat ooreenkomstig hierdie Wet aangeneem is na daaropvolgende hersienings en wysigings daarvan; en
- (c) afwykende grondgebruike, deur te bepaal dat— 25
 - (i) grond wat ingevolge 'n bestaande soneringskema wettiglik aangewend word vir 'n doel wat nie aan 'n voorgestelde soneringskema voldoen nie, voort kan gaan om vir daardie doel aangewend te word wanneer die nuwe soneringskema in werking tree; en
 - (ii) 'n grondgebruikaansoek gedoen moet word vir die verbouing of uitbreiding van geboue of strukture op grond bedoel in subparagraaf (i).

(2) 'n Munisipaliteit moet sy besluit om 'n soneringskaart goed te keur in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

Toegelate aanwending van grond

30. Geen persoon mag grond aanwend of ontwikkel tensy die aanwending of grondontwikkeling toegelaat word ingevolge 'n soneringskema of 'n goedkeuring wat bestaanbaar is met hierdie Wet en toepaslike verordeninge nie. 35

Rekords van soneringskemas

31. Elke munisipaliteit moet sy soneringskema bygewerk hou en die bygewerkte soneringskema vir die publiek toeganklik maak. 40

Voortsetting van soneringskemas

32. (1) Indien grond wat in die munisipale gebied van 'n munisipaliteit geleë is by die munisipale gebied van 'n ander munisipaliteit ingesluit word, bly 'n soneringskema ten opsigte van daardie grond van krag in die munisipale gebied waarop dit van toepassing was voor die insluiting totdat dit deur die ontvangende munisipaliteit gewysig is. 45

Deel 2:

Bestaande dorpsbeplannings- en soneringskemas

Bestaande dorpsbeplannings- en soneringskemas

33. (1) Ondanks die herroeping van die Ordonnansie by artikel 77—

- (a) bly 'n soneringskema, met inbegrip van 'n soneringskaart, register en skemaregulasies, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 7, 8, 8A, 9, 10 of 12 van die Ordonnansie bestaan het, van krag en is artikels 2, 7 tot 14, 39 tot 41, 46 en 47 van die Ordonnansie op daardie soneringskema van toepassing asof dit nie herroep is nie, tensy daardie bepalings onbestaanbaar is met hierdie Wet of 'n toepaslike verordening; en 5
- (b) bly 'n gebruiksreg en 'n wettige sonering ingevolge daardie soneringskema van krag totdat dit ingevolge 'n toepaslike verordening gewysig word.
- (2) Ondanks die herroeping van Provinsiale Kennisgewing 733/1989 by artikel 77— 10
- (a) bly 'n dorpsbeplanningskema wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge daardie kennisgewing bestaan het, van krag en is die tersaaklike bepalings van Provinsiale Kennisgewing 733/1989 en Goewermentskennisgewing R.1897/1986 van toepassing op daardie dorpsbeplanningskema asof dit nie herroep is nie, tensy daardie bepalings onbestaanbaar is met hierdie Wet of 'n toepaslike verordening; en 15
- (b) bly 'n gebruiksreg en 'n wettige sonering ingevolge daardie dorpsbeplanningskema, van krag totdat dit ingevolge 'n toepaslike verordening gewysig word.
- (3) 'n Grondgebruikaansoek wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet ingedien is en wat betrekking het op 'n gebruiksreg wat ingevolge subartikel (1)(b) of (2)(b) van krag bly, moet ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge toepaslike verordeninge deur 'n munisipaliteit oorweeg en verwerk word. 20
- (4) By die inwerkingtreding van 'n soneringskema beoog in artikel 22, verval 'n soneringskema of dorpsbeplanningskema bedoel in subartikel (1) of (2). 25

Deel 3:

Sonerings en ander gebruiksregte

Gebruiksregte

- 34.** (1) 'n Munisipaliteit moet, wanneer hy 'n soneringskema ooreenkomstig hierdie Wet aanneem of by ontvangs van 'n aansoek bedoel in subartikel (5), 'n sonering of 'n geagte sonering bepaal— 30
- (a) vir grond wat ingevolge 'n soneringskema of dorpsbeplanningskema wat kragtens artikel 33 van krag is, gesoneer is of geag word gesoneer te wees vir—
- (i) staats- of ander owerheidsdoeleindes; 35
- (ii) 'n doel of aanwysing sonder ontwikkelingsparameters; of
- (iii) 'n doel waarvoor die grond nie aangewend word nie; en
- (b) vir grond bedoel in artikel 8 van die Ordonnansie en wat nie geag word gesoneer te wees uit hoofde van 'n bepaling kragtens artikel 14(1) van die Ordonnansie nie. 40
- (2) 'n Munisipaliteit moet, by die inwerkingtreding van hierdie Wet, grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie deur 'n soneringskema of dorpsbeplanningskema gereguleer is nie, met inbegrip van grond wat deur die Wet op Landelike Gebiede gereguleer is, insluit by 'n bestaande soneringskema beoog in artikel 33(1) of sy soneringskema aangeneem ooreenkomstig hierdie Wet. 45
- (3) Totdat 'n munisipaliteit grond bedoel in subartikel (2) ooreenkomstig daardie subartikel insluit, is die skemaregulasies ingevolge artikel 8 of 9 van die Ordonnansie wat van krag bly ingevolge artikel 33 van hierdie Wet, van toepassing op daardie grond en moet die munisipaliteit 'n sonering of 'n geagte sonering bepaal, ooreenkomstig subartikel (4). 50
- (4) Wanneer 'n munisipaliteit ingevolge subartikel (1), (2) of (3) 'n sonering of 'n geagte sonering bepaal, moet die munisipaliteit minstens die volgende in ag neem:
- (a) die wettige aanwending van die grond, of die doel waarvoor die grond wettiglik aangewend kon word onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet indien dit vasgestel kan word; 55
- (b) die sonering, indien enige, wat die mees versoenbaar is met daardie aanwending of doel en enige toepaslike titelvoorwaarde;
- (c) enige afwyking of vergunningsgebruik wat saam met daardie sonering benodig kan word;

- (d) in die geval van grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet onbeboud is, die aanwending wat toegelaat word ingevolge die titelvoorwaardes of, waar meer as een grondgebruik aldus toegelaat word, een van sodanige grondgebruike bepaal deur die munisipaliteit; en
- (e) waar die wettige aanwending van die grond en die doel waarvoor dit onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettiglik aangewend kon word, nie vasgestel kan word nie, die sonering wat, tesame met enige afwyking of vergunningsgebruik wat benodig kan word, die wenslikste en die mees versoenbaar is met enige toepaslike titelvoorwaarde. 5
- (5) 'n Bevoegde persoon wat 'n sonering vir grond beoog in subartikel (1) of (2) 10 benodig, moet by die munisipaliteit aansoek doen vir die bepaling van 'n sonering.
- (6) Grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gereguleer is deur die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet 9 van 1989), word ooreenkomstig daardie Wet gesoneer.
- (7) Indien die versuim om 'n ooreenkoms te bereik rakende die sonering van grond beoog in subartikel (6) verwys word na die Provinsiale Kabinet vir bepaling in ooreenkomstig artikel 13(6) van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989, moet die Provinsiale Kabinet in die bepaling van die sonering minstens die volgende in ag neem: 15
- (a) die aangeleenthede bedoel in artikel 49(a) tot (e) van hierdie Wet; en 20
- (b) die bestaande en historiese aanwending van daardie grond en die ruimtelike patrone van die omliggende gebiede.
- (8) Sonering kan op 'n grondeenheid of gedeelte daarvan van toepassing gemaak word, en sonering hoef nie kadastrale grense te volg nie.
- (9) 'n Argitek of landmeter mag nie ingevolge artikel 7(2)(a) van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), sertifiseer dat 'n voorgestelde verdeling in dele en gemeenskaplike eiendom aan 'n soneringskema voldoen tensy die betrokke grond gesoneer is vir 'n doel wat die verdeling insluit nie. 25
- (10) 'n Gebruiksreg vestig in grond en nie in 'n persoon nie.

Hersonerings, afwykings of vergunningsgebruike 30

- 35.** (1) 'n Bevoegde persoon wat 'n hersonering, afwyking of vergunningsgebruik ten opsigte van grond benodig, moet by die munisipaliteit aansoek doen.
- (2) Wanneer 'n munisipaliteit grond waarvan hy nie die eienaar is nie uit eie beweging hersoneer, moet die munisipaliteit aan artikels 43 en 44 voldoen en minstens die aangeleenthede bedoel in artikel 49(a) tot (e) in ag neem. 35
- (3) Wanneer 'n munisipaliteit 'n grondgebruiksansoek vir 'n hersonering, afwyking of vergunningsgebruik goedkeur, moet die munisipaliteit dit oorweeg om 'n geldigheidstydperk vir die goedkeuring op te lê.

Deel 4:

Onderverdeling 40

Onderverdeling van grond

- 36.** (1) Geen persoon mag grond onderverdeel sonder die goedkeuring van die munisipaliteit tensy die onderverdeling vrygestel word ooreenkomstig artikel 61 nie.
- (2) Behoudens artikel 61, moet 'n bevoegde persoon wat 'n onderverdeling van grond benodig by die munisipaliteit aansoek doen. 45
- (3) 'n Munisipaliteit moet minstens die volgende vereis ten opsigte van 'n aansoek om onderverdeling:
- (a) dat die aansoek verband hou met grond wat gesoneer is, of gesoneer sal word, vir 'n doel wat onderverdeling insluit; en
- (b) die indiening van 'n onderverdelingsplan waarop die volgende aangetoon word: 50
- (i) die ligging van voorgestelde grondeenhede, openbare plekke en grond wat vir openbare doeleindes benodig word; en
- (ii) die voorgestelde sonerings ten opsigte van die voorgestelde grondeenhede. 55

- (4) Rakende 'n goedgekeurde onderverdeling, moet 'n munisipaliteit vir minstens die volgende voorsiening maak:
- (a) die vestiging van eienaarskap of registrasie van openbare plekke soos beoog in artikel 37, en wanneer die vestiging plaasvind of die registrasie gedoen moet word; 5
 - (b) die bevestiging van sonerings ingevolge die goedgekeurde onderverdelingsplan, en wanneer die bevestiging plaasvind;
 - (c) wanneer 'n gebou of struktuur opgerig kan word op 'n grondeenheid wat deel uitmaak van die onderverdeling; en
 - (d) die wysiging van die soneringskema en algemene plan indien die onderverdeling ingevolge 'n voorwaarde beoog in subartikel (9) verval. 10
- (5) 'n Munisipaliteit moet vir die goedkeuring van 'n onderverdeling gepaste voorwaardes in verband met ingenieursdienste beoog in artikel 40(2)(a) oplê.
- (6) Wanneer 'n munisipaliteit 'n hersonering vir 'n doel wat onderverdeling insluit goedkeur, moet hy voorwaardes oplê wat vir minstens die volgende voorsiening maak: 15
- (a) digtheidsvereistes;
 - (b) hoof- grondgebruike en die omvang daarvan; en
 - (c) in die geval van 'n gefaseerde onderverdeling, 'n uitvoerige faseringsplan en 'n raamwerk wat die volgende insluit: 20
 - (i) hoof- vervoerroetes;
 - (ii) hoof- grondgebruike;
 - (iii) grootmaatinfrastruktuur;
 - (iv) vereistes van staatsorgane
 - (v) vereistes ten opsigte van openbare-oopruimtes; en
 - (vi) fisiese ontwikkelingsbeperkings. 25
- (7) Indien 'n munisipaliteit 'n onderverdeling goedkeur, moet die aansoeker 'n algemene plan of diagram by die Landmeter-generaal vir goedkeuring indien, met inbegrip van bewys tot die bevrediging van die Landmeter-generaal van minstens—
- (a) die besluit om die onderverdeling goed te keur;
 - (b) die voorwaardes van goedkeuring beoog in subartikel (5) en artikel 40; en 30
 - (c) die goedgekeurde onderverdelingsplan.
- (8) Indien 'n munisipaliteit 'n onderverdeling goedkeur, moet die aansoeker voorsiening maak vir, of voldoen aan, minstens die volgende vereistes:
- (a) die goedkeuring deur die Landmeter-generaal van die algemene plan of diagram beoog in subartikel (7); 35
 - (b) voltooiing van die installering van ingenieursdienste ooreenkomstig die voorwaardes beoog in subartikel (5) of ander toepaslike wetgewing;
 - (c) bewys tot die bevrediging van die munisipaliteit dat daar aan alle tersaaklike voorwaardes beoog in artikel 40 vir die goedgekeurde onderverdeling ten opsigte van die gebied aangetoon op die algemene plan of diagram voldoen is; 40 en
 - (d) registrasie van die oordrag van eienaarskap ingevolge die Registrasie van Aktes Wet van die grondeenheid wat op die diagram aangetoon word of van minstens een nuwe grondeenheid wat op die algemene plan aangetoon word.
- (9) 'n Munisipaliteit moet oorweeg om, ooreenkomstig die minimum standaard soos voorgeskryf kan word, 'n geldigheidstydperk op te lê vir 'n goedkeuring van 'n onderverdeling ten einde voorsiening te maak vir-
- (a) die verval van 'n goedkeuring van 'n onderverdeling indien die aansoeker versuim om binne die geldigheidstydperk aan die vereistes bedoel in subartikel (8) te voldoen; en 50
 - (b) die bevestiging van die onderverdeling, met inbegrip van die bevestiging van die sonerings en die vestiging van eienaarskap van die openbare plekke in die munisipaliteit, by voldoening binne die geldigheidstydperk aan die vereistes bedoel in subartikel (8).
- (10) 'n Bevoegde persoon moet by die munisipaliteit aansoek doen indien hy of sy die wysiging of kansellering benodig van 'n goedgekeurde onderverdelingsplan, met inbegrip van voorwaardes van goedkeuring, die algemene plan of diagram, met betrekking tot erwe aangetoon op die algemene plan of diagram waarvan geen oordrag ingevolge die Registrasie van Aktes Wet geregistreer is nie. 55
- (11) Indien die wysiging of kansellering van 'n onderverdelingsplan goedgekeur is, moet die aansoeker die gewysigde of gekanselleerde onderverdelingsplan by die Landmeter-generaal indien om die algemene plan of diagram dienooreenkomstig te wysig of te kanselleer. 60

(12) Waar die wysiging of kansellering van 'n algemene plan die sluiting van 'n openbare plek vereis, moet dit ooreenkomstig artikel 37(3) en (5) tot (7) gesluit word.

(13) Die aansoeker is aanspreeklik vir enige uitgawe wat ontstaan as gevolg van die wysiging of kansellering van 'n onderverdelingsplan en wat deur die munisipaliteit of enige ander staatsorgaan aangegaan is ten opsigte van die heroordrag of terugval van grond aan die eienaar van die restant van die grond. 5

Deel 5:

Openbare plekke

Openbare plekke

37. (1) Waar grond vir 'n openbare plek bestem is soos aangetoon op 'n goedgekeurde 10 onderverdelingsplan, moet die munisipaliteit voorsiening maak vir minstens—

- (a) die vestiging in die munisipaliteit van die eienaarskap van daardie grond; of
- (b) die registrasie van daardie grond in die naam van die munisipaliteit.

(2) 'n Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir vergoeding vir die grond bedoel in subartikel (1) indien die verskaffing van die openbare plek gegrond is op die normale 15 behoefte daaraan wat uit die onderverdeling voortspruit nie.

(3) 'n Munisipaliteit moet 'n openbare plek permanent sluit en die grond paslik hersoneer indien—

- (a) die grond benodig word om permanent aangewend te word vir 'n doel wat anders is as die doel van die bevestigde sonerings van die onderverdeling 20 waaruit die openbare plek voortgespruit het; of
- (b) in die geval van 'n straat, dit nodig is om die posisie daarvan permanent te verander van die posisie wat goedgekeur is as deel van die onderverdeling waaruit die straat voortgespruit het.

(4) 'n Aansoeker in 'n grondgebruikaansoek wat die sluiting van 'n openbare plek 25 benodig, hetsy permanent of tydelik, moet by die munisipaliteit aansoek doen.

(5) Wanneer 'n munisipaliteit die permanente sluiting van 'n openbare plek oorweeg, moet die munisipaliteit minstens die aangeleenthede bedoel in artikel 49(a) tot (e) in ag neem.

(6) Wanneer 'n munisipaliteit 'n openbare plek permanent sluit, moet die 30 munisipaliteit minstens-

- (a) voorsiening maak vir die betaling van vergoeding aan 'n persoon wat as gevolg van die permanente sluiting van die openbare plek verlies of skade gely het; en
- (b) die eienaarskap van die grond na aanleiding van die permanente sluiting van 35 die openbare plek reguleer.

(7) Die munisipaliteit moet die Landmeter-generaal van die permanente sluiting van 'n openbare plek in kennis stel en die Landmeter-generaal moet die algemene plan of diagram dienooreenkomstig wysig.

Deel 6: 40

Konsolidering van grondeenhede

Konsolidering van grondeenhede

38. (1) 'n Persoon mag nie 'n gebou of struktuur oprig wat bo-oor die erfgrense van twee of meer aangrensende erwe strek sonder die goedkeuring van die munisipaliteit 45 nie.

(2) Behoudens artikel 61, moet 'n bevoegde persoon wat die konsolidering van grondeenhede benodig, by die munisipaliteit aansoek doen.

(3) Wanneer 'n munisipaliteit 'n konsolidering van grondeenhede goedkeur, moet die munisipaliteit die oplegging van 'n geldigheidstydperk vir die goedkeuring oorweeg.

Deel 7:

Beperkende voorwaardes

Opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes

- 39.** (1) 'n Bevoegde persoon moet by die munisipaliteit aansoek doen indien hy of sy die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde benodig. 5
- (2) 'n Kennisgewing van die aansoek moet ooreenkomstig artikel 44 op minstens die volgende persone beteken word:
- (a) enige persoon wat in die titelakte vermeld word tot wie se voordeel die beperkende voorwaarde geld; en
 - (b) enige ander persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word deur die goedkeuring van die aansoek. 10
- (3) Wanneer 'n munisipaliteit 'n beperkende voorwaarde uit eie beweging ophef, opskort of wysig, moet die munisipaliteit aan subartikel (2) en artikel 43 voldoen en minstens die aangeleenthede bedoel in artikel 49(a) tot (e) in ag neem.
- (4) Enige verwysing na die goedkeuring deur die Administrateur of Dorpekommissie in 'n beperkende voorwaarde, behalwe 'n beperkende voorwaarde ingevolge waarvan die Provinsiale Regering privaatrechte verkry, word geag as 'n verwysing na die goedkeuring deur die tersaaklike munisipaliteit. 15
- (5) Wanneer 'n munisipaliteit die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde oorweeg, moet die munisipaliteit minstens die volgende in ag neem: 20
- (a) die finansiële of ander waarde van die regte wat 'n persoon of entiteit ingevolge die beperkende voorwaarde geniet, ongeag of dié regte persoonlik is of in die persoon as eienaar van 'n heersende erf vestig;
 - (b) die persoonlike voordele wat aan die houer van regte ingevolge die beperkende voorwaarde toeval; 25
 - (c) die persoonlike voordele wat sal toeval aan die persoon wat die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde verlang indien dit opgehef, opgeskort of gewysig word;
 - (d) die maatskaplike voordeel indien die beperkende voorwaarde in sy bestaande vorm in plek bly; 30
 - (e) die maatskaplike voordeel van die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde; en
 - (f) of die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde alle regte wat die begunstigde geniet volkome sal wegneem of slegs sommige van daardie regte. 35
- (6) 'n Munisipaliteit moet sy besluit om 'n beperkende voorwaarde op te hef, op te skort of te wysig in minstens die *Provinsiale Koerant* publiseer en die Registrateur van Aktes dienooreenkomstig in kennis stel.

Deel 8: 40

Voorwaardes

Voorwaardes

- 40.** (1) Wanneer 'n munisipaliteit 'n grondgebruikaansoek behoudens voorwaardes goedkeur, moet die voorwaardes redelike voorwaardes wees en uit die goedkeuring van die voorgestelde aanwending van grond voortspruit. 45
- (2) Voorwaardes wat ooreenkomstig subartikel (1) opgelê word, kan die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:
- (a) die verskaffing van ingenieursdienste en infrastruktuur;
 - (b) die oordrag van grond of die betaling van geld;
 - (c) die verskaffing van grond benodig vir openbare plekke of die betaling van geld in plaas van die verskaffing van grond vir daardie doel; 50
 - (d) die herstrukturering van nedersettings;
 - (e) bewaring van landbou- of erfenishulpbronne;
 - (f) bewaring en bestuur van biodiversiteit;
 - (g) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie, maatskaplike fasiliteite of maatskaplike infrastruktuur; 55

- (h) energiedoelmatigheid;
 - (i) vereistes om aandag te gee aan klimaatsverandering;
 - (j) die instelling van 'n eienaarsvereniging ten opsigte van 'n onderverdeling;
 - (k) die verskaffing van grond benodig deur ander staatsorgane;
 - (l) die endossering ingevolge artikel 31 van die Registrasie van Aktes Wet ten opsigte van openbare plekke waar die eienaarskap daarvan in die munisipaliteit vestig; 5
 - (m) die registrasie van openbare plekke in die naam van die munisipaliteit;
 - (n) die oordrag van eiendomsreg na die munisipaliteit van grond wat vir ander openbare doeleindes benodig word; 10
 - (o) die implementering van 'n onderverdeling in fases;
 - (p) die betaling van 'n strydigheidshewing ten opsigte van die onwettige aanwending van grond;
 - (q) vereistes van ander staatsorgane.
- (3) 'n Voorwaarde beoog in subartikel (2)(b) kan slegs 'n proporsionele bydrae tot munisipale openbare uitgawes vereis volgens die normale behoefte daaraan wat uit die goedkeuring voortspruit, soos bepaal deur die munisipaliteit ooreenkomstig norme en standaarde soos voorgeskryf kan word. 15
- (4) Munisipale openbare uitgawes beoog in subartikel (3) sluit munisipale openbare uitgawes vir die volgende munisipaledienste-infrastruktuur en geriewe in, maar is nie daartoe beperk nie: 20
- (a) gemeenskapsfasiliteite, met inbegrip van speeltoerusting, straatmeubels, bewaarskole, klinieke, sportgronde, binnenshuise sportfasiliteite of gemeenskapsale;
 - (b) bewaringsdoeleindes; 25
 - (c) energiebesparing;
 - (d) klimaatsverandering; of
 - (e) ingenieursdienste.
- (5) Wanneer 'n munisipaliteit die bydrae beoog in subartikels (3) en (4) bepaal, moet die munisipaliteit minstens die volgende in ag neem: 30
- (a) die munisipaledienste-infrastruktuur en geriewe vir die betrokke grond wat vir die goedgekeurde grondgebruik benodig word;
 - (b) die openbare uitgawes op daardie infrastruktuur en daardie geriewe wat in die verlede aangegaan is en wat die goedgekeurde grondgebruik fasiliteer;
 - (c) die openbare uitgawes op daardie infrastruktuur en daardie geriewe wat uit die goedgekeurde grondgebruik kan voortspruit; 35
 - (d) die verskeie tariewe en enige ander tersaaklike heffings wat in die verlede deur die eienaar van die betrokke grond betaal is; en
 - (e) die verskeie tariewe en heffings wat in die toekoms deur die eienaar van die betrokke grond betaal moet word. 40
- (6) Behalwe vir grond wat vir openbare plekke of interne ingenieursdienste benodig word, moet enige bykomende grond benodig deur die munisipaliteit of ander staatsorgane wat uit 'n goedgekeurde onderverdeling voortspruit verkry word behoudens toepaslike wette wat vir die verkryging of onteiening van grond voorsiening maak. 45
- (7) 'n Munisipaliteit mag nie 'n grondgebruiksaanzoek goedkeur behoudens 'n voorwaarde dat goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis word nie.
- (8) Indien 'n munisipaliteit 'n voorwaarde beoog in subartikel (2)(a) oplê, moet 'n ingenieursdienste-ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die eienaar van die betrokke grond gesluit word voor die installering van infrastruktuur op die grond begin. 50
- (9) 'n Eienaarsvereniging of huiseienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê kragtens die Ordonnansie tot stand gekom het en wat onmiddellik voor die inwerkingtrede van hierdie Wet bestaan, word geag as 'n eienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê deur 'n munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge toepaslike verordeninge tot stand gekom het. 55
- (10) Indien 'n munisipaliteit 'n grondgebruiksaanzoek behoudens voorwaardes goedkeur, moet hy vermeld aan welke voorwaardes voldoen moet word voor die verkoop, ontwikkeling of oordrag van die grond.
- (11) 'n Persoon mag nie by die Registrateur van Aktes aansoek doen om 'n erf oor te dra tensy die persoon tot die bevrediging van die munisipaliteit bewys gelewer het van voldoening aan die voorwaardes van goedkeuring waaraan voldoen moet word voor die grond oorgedra kan word nie. 60

Wysiging van voorwaardes

41. (1) Wanneer 'n munisipaliteit, uit eie beweging of by aansoek, 'n voorwaarde van goedkeuring wysig of daarvan afstand doen of bykomende voorwaardes van goedkeuring oplê, moet die munisipaliteit aan artikels 40 en 44 voldoen.

(2) Die wysiging of afstanddoening van 'n voorwaarde beoog in subartikel (1) wat 'n beperkende voorwaarde is, moet ooreenkomstig artikel 39 goedgekeur word. 5

Deel 9:

Prosedures en besluitneming

Minimum inligting ter indiening

42. 'n Aansoeker in 'n grondgebruikaansoek moet minstens die volgende by die munisipaliteit indien ten opsigte van die betrokke grond: 10

- (a) 'n afskrif van die tersaaklike uittreksel van die goedgekeurde algemene plan of diagram;
- (b) 'n afskrif van die titelakte; en
- (c) die goedkeuring van die verbandhouer, indien enige. 15

Publisering van kennisgewings

43. (1) Wanneer 'n munisipaliteit van voorneme is om die volgende te oorweeg, moet die munisipaliteit minstens 'n kennisgewing van sy voorneme laat publiseer soos beoog in subartikels (2) tot (4):

- (a) 'n grondgebruikaansoek om 'n hersonering of 'n hersonering uit eie beweging beoog in artikel 35; 20
- (b) die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- (c) die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk; 25
- (d) indien die munisipaliteit nie 'n goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings vir stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied; 30
- (e) indien die munisipaliteit nie 'n goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings vir stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied; 35
- (f) die sluiting van 'n openbare plek beoog in artikel 37;
- (g) 'n grondgebruikaansoek ten opsigte van 'n beperkende voorwaarde beoog in artikel 39;
- (h) die goedkeuring, wysiging, herroeping of hersiening van 'n soneringskema, of die goedkeuring van 'n soneringskaart; 40
- (i) die regulering van vrystellings beoog in artikel 61;
- (j) ander aansoeke wat die belange van die publiek of gemeenskap wesenlik sal raak indien dit goedgekeur word.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet gepubliseer word—

- (a) ooreenkomstig artikel 21 van die Munisipale Stelselwet in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word; en 45
- (b) indien publisering soos beoog in paragraaf (a) ondoeltreffend geag word, deur ander doeltreffende middele, met inbegrip van aankondigings deur 'n megafoon, publisering op webblaai of gemeenskapskennisgewingsborde, of kommunikasie deur middel van e-poslyste of sosiale media. 50

(3) 'n Munisipaliteit moet oorweeg of 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) op die betrokke grond tentoongestel moet word.

(4) Indien 'n kennisgewing op die grond tentoongestel word, moet die munisipaliteit verseker dat die kennisgewing leesbaar bly vir die kennisgewingstydperk. 55

- (5) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) of 'n kennisgewing ingevolge die grondgebruikbeplanningsvereistes van 'n munisipaliteit moet minstens die volgende inligting bevat:
- (a) die doel van die aangeleentheid wat gepubliseer word;
 - (b) 'n beskrywing van die grondeenheid of grondeenhede waarop die kennisgewing betrekking het; 5
 - (c) waar en wanneer besonderhede van die aangeleentheid wat gepubliseer word vir insae beskikbaar is; en
 - (d) die prosedure vir persone wat 'n belang het by, en geraak word deur, die kennisgewing om skriftelike kommentaar binne 'n tydperk van minstens 30 dae in te dien. 10

(6) Die publiserings van 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) onthef nie 'n munisipaliteit van die verpligting om 'n kennisgewing te laat beteken in die gevalle beoog in artikel 44(1) nie.

Betekening van kennisgewings 15

44. (1) Wanneer 'n munisipaliteit van voorneme is om die volgende te oorweeg, moet die munisipaliteit minstens 'n kennisgewing van sy voorneme laat beteken soos beoog in subartikel (2):

- (a) 'n bepaling van 'n sonering of 'n geagte sonering beoog in artikel 34;
- (b) 'n grondgebruikaansoek vir hersonering of hersonering uit eie beweging beoog in artikel 35; 20
- (c) 'n grondgebruikaansoek vir onderverdeling of die wysiging of kansellering van 'n onderverdeling beoog in artikel 36;
- (d) die sluiting van 'n openbare plek beoog in artikel 37;
- (e) 'n grondgebruikaansoek om konsolidering beoog in artikel 38; 25
- (f) 'n grondgebruikaansoek vir die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde beoog in artikel 39;
- (g) die oplegging, wysiging of afstanddoening van 'n voorwaarde beoog in artikel 40 of 41.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) of ingevolge die grondgebruikbeplanningsvereistes van 'n munisipaliteit moet beteken word— 30

- (a) op elke persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word indien die aangeleentheid of aansoek goedgekeur word;
- (b) ooreenkomstig artikel 115 van die Munisipale Stelselwet; en
- (c) in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word. 35

(3) 'n Munisipaliteit moet, wanneer hy 'n kennisgewing laat beteken ingevolge subartikel (1) of ingevolge die grondgebruikbeplanningsvereistes van 'n munisipaliteit, verseker dat die persoon wat in kennis gestel word in staat is om die volgende inligting uit die kennisgewing te bekom: 40

- (a) die doel van die aangeleentheid waarmee die kennisgewing verband hou;
- (b) 'n beskrywing van die grondeenheid of grondeenhede waarop die kennisgewing betrekking het;
- (c) waar en wanneer besonderhede van die aangeleentheid waarvan kennis gegee word beskikbaar is vir insae; en 45
- (d) die prosedure vir daardie persoon om skriftelike kommentaar binne 'n tydperk van minstens 30 dae in te dien.

Provinsiale kommentaar op grondgebruikaansoeke

45. (1) 'n Munisipaliteit moet 'n grondgebruikaansoek in verband met die volgende na die Departementshoof vir skriftelike provinsiale kommentaar verwys sodra die aansoek ooreenkomstig die vereistes van die munisipaliteit en artikel 42 voltooi is: 50

- (a) 'n ontwikkeling buite die munisipaliteit se beplande buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- (b) indien die munisipaliteit nie 'n goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, 'n ontwikkeling buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings vir stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied; 55

- (c) 'n hersonering van grond wat vir landbou- of bewaringsdoeleindes gesoneer is;
 - (d) enige ontwikkeling soos bepaal deur die munisipale bestuurder;
 - (e) ontwikkeling soos voorgeskryf wat 'n provinsiale funksionele gebied raak;
 - (f) enige ander kategorie van grondgebruikaansoeke soos voorgeskryf kan word met die doel om die vermoë van munisipaliteite te ondersteun en te versterk. 5
- (2) Die Departementshoof moet, binne 60 dae van 'n versoek om kommentaar beoog in subartikel (1), skriftelike provinsiale kommentaar aan die munisipale bestuurder lewer.
- (3) Die munisipaliteit mag nie oor 'n grondgebruikaansoek bedoel in subartikel (1) besluit totdat— 10
- (a) hy die provinsiale kommentaar bedoel in subartikel (2) ontvang en oorweeg het nie; of
 - (b) die tydperk bedoel in subartikel (2) geëindig het en indien geen provinsiale kommentaar gedurende daardie tydperk ontvang is nie. 15
- (4) Die tydperk bedoel in subartikel (2) kan met die instemming van die munisipaliteit verleng word.
- (5) Die regulasies beoog in subartikel (1)(f) kan onderskei tussen verskillende soorte—
- (a) munisipaliteite, wat omskryf kan word met betrekking tot— 20
 - (i) die unieke omstandighede van onderskeie munisipaliteite, met inbegrip van finansiële hulpbronne, vermoë en finansiële lewensvatbaarheid;
 - (ii) die kategorieë munisipaliteite ingevolge die Grondwet; of
 - (iii) kategorieë soos voorgeskryf kan word ten opsigte van die toesig oor, en monitering van, plaaslike regering; of 25
 - (b) grondgebruikaansoeke, wat met betrekking tot die kategorieë van grondgebruikaansoeke bedoel in hierdie Wet omskryf kan word.
- (6) Die Provinsiale Minister kan, na oorlegpleging met die Provinsiale Kabinet, 'n koördineringskomitee verteenwoordigend van die provinsiale departemente aanstel om die kommentaar beoog in subartikel (1) te koördineer en saam te stel. 30

Maksimum tyd vir besluitneming

46. (1) 'n Munisipaliteit moet oor 'n grondgebruikaansoek besluit binne die tydperk soos voorgeskryf kan word, bereken vanaf die dag dat die aansoek voltooi is ooreenkomstig die vereistes van die munisipaliteit en artikel 42.
- (2) 'n Munisipaliteit kan die tydperk beoog in subartikel (1) verleng in buitengewone omstandighede met betrekking tot die aard of ingewikkeldheid van die grondgebruikaansoek. 35
- (3) Die tydperk beoog in subartikel (1) sluit vertragsings uit wat veroorsaak word deur die versuim van die aansoeker om aan wetlike vereistes te voldoen.
- (4) Indien 'n munisipaliteit versuim om 'n besluit binne die tydperk beoog in subartikel (1) te neem, kan die aansoeker appèl aanteken by die appèlgesag, wat dan oor die grondgebruikaansoek moet besluit. 40

Kommentaar deur staatsorgane

47. (1) 'n Staatsorgaan moet kommentaar op 'n grondgebruikaansoek lewer binne 60 dae van— 45
- (a) ontvangs van 'n versoek om kommentaar op die aansoek; of
 - (b) ontvangs van al die inligting wat nodig is om kommentaar te lewer indien die aansoek nie volledig is nie en mits 'n versoek om bykomende inligting gerig word binne 14 dae van ontvangs van die versoek om kommentaar.
- (2) Indien 'n staatsorgaan versuim om binne die tydperk bedoel in subartikel (1) kommentaar te lewer, moet die bevoegde gesag die staatsorgaan se rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), van die versuim in kennis stel. 50

Gelde vir grondgebruikaansoeke

48. Wanneer 'n munisipaliteit die betaling van grondgebruikaansoekgelde vereis, 55 moet die gelde bestaanbaar wees met minimum standarde soos voorgeskryf kan word.

Grondslag van evaluering van grondgebruikaansoeke

- 49.** Wanneer 'n munisipaliteit 'n grondgebruikaansoek oorweeg en daarvoor besluit, moet die munisipaliteit minstens die volgende in ag neem:
- (a) die toepaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke;
 - (b) die toepaslike struktuurplanne; 5
 - (c) die beginsels bedoel in Hoofstuk VI;
 - (d) die wenslikheid van die voorgestelde grondgebruik; en
 - (e) riglyne, wat die Provinsiale Minister kan uitreik, rakende die wenslikheid van voorgestelde grondgebruik.

Kennisgewing van munisipale besluite 10

- 50.** 'n Munisipaliteit moet nadat hy 'n besluit beoog in hierdie Hoofstuk geneem het, minstens—
- (a) die aansoeker en enige persoon wat 'n beswaar teen die aansoek ingedien het skriftelik in kennis stel van die besluit; en
 - (b) die feit dat redes vir die besluit aangevra kan word en enige reg tot hersiening of appèl onder die aandag van die aansoeker en daardie persoon bring. 15

Appèlle teen munisipale besluite

- 51.** (1) Die werking van die goedkeuring van 'n grondgebruikaansoek wat die onderwerp van 'n appèl is, word opgeskort hangende die besluit van die appèlgesag oor die appèl. 20
- (2) Die munisipaliteit moet die aansoeker in kennis stel wanneer 'n appèl aangeteken is deur 'n persoon buiten die aansoeker.
- (3) Indien daar 'n appèl aangeteken is slegs teen die voorwaardes wat ingevolge artikel 40 opgelê word, kan die munisipaliteit bepaal dat die goedkeuring van die grondgebruikaansoek nie opgeskort word nie. 25
- (4) Die munisipaliteit moet die partye by die appèl in kennis stel van die besluit ten opsigte van die appèl.

Provinsiale kommentaar op appèlle

- 52.** (1) 'n Munisipale bestuurder-
- (a) kan die Provinsiale Minister versoek om skriftelike kommentaar op 'n appèl na 'n appèlgesag te lewer; en 30
 - (b) moet die Provinsiale Minister in kennis stel van 'n appèl na 'n appèlgesag ten opsigte van 'n grondgebruikaansoek bedoel in artikel 45(1)(a) tot (f) en die Provinsiale Minister versoek om op die appèl kommentaar te lewer.
- (2) Die Provinsiale Minister moet, binne 60 dae van ontvangs van 'n versoek om kommentaar beoog in subartikel (1), sy of haar skriftelike kommentaar aan die munisipale bestuurder lewer. 35
- (3) 'n Appèlgesag mag nie oor 'n appèl besluit totdat—
- (a) hy die kommentaar deur die Provinsiale Minister bedoel in subartikel (2) ontvang en oorweeg het nie; of 40
 - (b) die tydperk bedoel in subartikel (2) geëindig het en indien geen kommentaar gedurende daardie tydperk van die Provinsiale Minister ontvang is nie.
- (4) Die tydperk bedoel in subartikel (2) kan met die instemming van die munisipaliteit verleng word.
- (5) 'n Munisipaliteit moet, binne 30 dae van 'n besluit oor 'n appèl beoog in subartikel (1)(b), 'n skriftelike kennisgewing van die besluit en die redes vir die besluit by die Provinsiale Minister indien. 45

HOOFTUK V

PROVINSIALE ONTWIKKELINGSBESTUUR

Provinsiale goedkeuring van grondontwikkeling

53. (1) Geen persoon mag sonder 'n goedkeuring kragtens subartikel (2) of 'n 5
vrystelling kragtens subartikel (3) grond ontwikkel wat 'n wesenlike uitwerking sal hê
op—

- (a) die ordelike, gekoördineerde of harmoniese ontwikkeling van 'n streek of die 5
Provinsie; of
- (b) die algemene welsyn van die inwoners van 'n streek of die Provinsie, weens—
 - (i) die aard of skaal van die voorgestelde grondgebruik nie; of 10
 - (ii) die kumulatiewe uitwerking van meervoudige ontwikkelings nie.

(2) Die eenaar van die betrokke grond of 'n persoon wat deur die eenaar gemagtig 15
is kan by die Departementshoof aansoek om goedkeuring doen om grond te ontwikkel
wat die uitwerking beoog in subartikel (1) sal hê.

(3) Die Provinsiale Minister kan kategorieë van grondontwikkeling daarvan vrystel 15
om goedkeuring kragtens subartikel (1) te benodig in een of meer van die volgende
omstandighede:

- (a) waar die grondontwikkeling aan die toepaslike ruimtelike ontwikkelings-
raamwerke voldoen;
- (b) waar die grondontwikkeling met ander provinsiale beleid bestaanbaar is; 20
- (c) om vir infrastruktuurprojekte van die regering voorsiening te maak; of
- (d) waar provinsiale goedkeuring ingevolge ander wetgewing verleen is.

(4) Die Provinsiale Minister kan regulasies maak of by kennisgewing in die 25
Provinsiale Koerant riglyne uitreik om vir kategorieë van grondontwikkeling beoog in
subartikel (1) voorsiening te maak.

(5) 'n Goedkeuring deur die Departementshoof van 'n grondontwikkelingsaansoek 25
onthef nie 'n aansoeker van die verpligting om die vereiste goedkeuring van die
munisipaliteit vir die grondontwikkeling te verkry nie.

(6) 'n Goedkeuring deur 'n munisipaliteit van 'n grondgebruiksaansoek onthef nie 'n 30
aansoeker van die verpligting om die vereiste goedkeuring van die Departementshoof
vir die grondontwikkeling te verkry nie.

Besluit van Departementshoof

54. (1) Die Departementshoof moet oor 'n grondgebruiksaansoek besluit binne—

- (a) 90 dae van ontvangs daarvan indien die aansoek ingevolge 'n geïntegreerde 35
prosedure beoog in artikel 67(2) gepubliseer is;
- (b) sewe maande van ontvangs daarvan, indien die aansoek soos beoog in
subartikel (2) verwerk word; of
- (c) die voorgeskrewe tydperk beoog in artikel 67(4).

(2) Die Provinsiale Minister moet prosedures ten opsigte van grondontwikkelings-
aansoeke voorskryf, met inbegrip van prosedures vir openbare deelname, 40
interregeringsoorlegpleging en die wyse waarop die Departementshoof 'n
grondontwikkelingsaansoek ontvang, oorweeg en daaroor besluit.

(3) Indien 'n grondontwikkelingsaansoek nie gepubliseer is soos beoog in 45
subartikel (1)(a) of (c) nie, moet die Departementshoof die aansoek ingevolge die
prosedures beoog in subartikel (2) laat publiseer.

(4) Die Departementshoof kan 'n grondontwikkelingsaansoek goedkeur behoudens 45
redelike voorwaardes wat uit die goedkeuring van die voorgestelde aanwending van
grond voortspruit.

(5) Voorwaardes wat ooreenkomstig subartikel (4) opgelê is, kan voorwaardes in 50
verband met die volgende insluit maar is nie daartoe beperk nie:

- (a) nedersettingsherstrukturering;
- (b) landbou- of erfenishulpbronbewing;
- (c) bewaring en bestuur van biodiversiteit;
- (d) energiedoelmatigheid;
- (e) vereistes om aandag te gee aan klimaatsverandering; 55
- (f) die verskaffing van grond benodig deur ander staatsorgane;
- (g) die vereistes van ander staatsorgane.

- (6) Die Departementshoof mag nie 'n grondontwikkelingsaansoek goedkeur behoudens 'n voorwaarde dat goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis word nie.
- (7) Die Departementshoof moet, binne 21 dae van sy of haar besluit oor 'n grondontwikkelingsaansoek—
- (a) die besluit ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998), in koerante wat in omloop is in die tersaaklike gebied en in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer; en
 - (b) die aansoeker, en enige persoon wie se regte geraak word en wat kommentaar ingedien het, skriftelik in kennis stel van sy of haar besluit.
- (8) Die Provinsiale Minister kan aansoekgelde voorskryf wat betaalbaar is deur die aansoeker in 'n grondontwikkelingsaansoek.

Grondslag van evaluering van grondontwikkelingsaansoeke

- 55.** Wanneer die Departementshoof 'n grondontwikkelingsaansoek kragtens artikel 54 oorweeg en daaroor besluit—
- (a) is die Departementshoof beperk tot die oorweging van daardie aspekte van die voorgestelde grondontwikkeling wat 'n uitwerking beoog in artikel 53(1) sal hê;
 - (b) moet die Departementshoof die wenslikheid van daardie aspekte van die voorgestelde grondontwikkeling oorweeg; en
 - (c) moet die Departementshoof die volgende in ag neem:
 - (i) die toepaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke;
 - (ii) die toepaslike struktuurplanne;
 - (iii) die beginsels bedoel in Hoofstuk VI; en
 - (iv) riglyne wat die Provinsiale Minister kan uitreik rakende die wenslikheid van voorgestelde grondontwikkeling.

Appèl na Provinsiale Minister

- 56.** (1) 'n Persoon wie se regte deur 'n besluit van die Departementshoof kragtens artikel 54 geraak word kan, binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit, teen die besluit appèl aanteken deur die Provinsiale Minister skriftelik van die appèl en die redes daarvoor kennis te gee.
- (2) Die werking van 'n goedkeuring van 'n grondontwikkelingsaansoek wat die onderwerp van 'n appèl is, word opgeskort hangende die besluit van die Provinsiale Minister oor die appèl.
- (3) Die Departementshoof moet die aansoeker in kennis stel wanneer 'n appèl aangeteken is deur 'n persoon buiten die aansoeker.
- (4) Indien daar 'n appèl aangeteken is slegs teen die voorwaardes wat ingevolge artikel 54(4) opgelê word, kan die Departementshoof bepaal dat die goedkeuring van die grondontwikkelingsaansoek nie opgeskort word nie.
- (5) 'n Persoon wie se regte geraak word deur die versuim van die Departementshoof om binne die tydperk beoog in artikel 54(1) oor 'n aansoek te besluit, kan teen die oponthoud appèl aanteken deur die Provinsiale Minister skriftelik van die appèl en die redes daarvoor kennis te gee.
- (6) Die Provinsiale Minister, moet binne die voorgeskrewe tydperk, 'n appèl ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure oorweeg en kan—
- (a) die besluit bevestig, wysig of intrek; of
 - (b) in die geval van 'n appèl ingevolge subartikel (5), oor die aansoek besluit.
- (7) Die Provinsiale Minister moet, binne 14 dae van sy of haar besluit, die partye by die appèl skriftelik van die besluit in kennis stel.
- (8) Die Provinsiale Minister kan appèlgelde wat betaalbaar is deur 'n persoon wat ingevolge hierdie artikel appelleer, voorskryf.

Verval van grondontwikkelingsgoedkeurings

- 57.** (1) Die goedkeuring van 'n grondontwikkelingsaansoek kragtens artikel 54 verval indien daar nie binne 'n tydperk van 10 jaar vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking getree het aan die volgende vereistes voldoen word nie:
- (a) die goedkeuring deur die munisipaliteit van 'n bouplan beoog vir die aanwending van die grond ingevolge 'n gebruiksreg ten opsigte van die goedgekeurde grondontwikkeling; en

(b) aanvang met die bouwerk van 'n gebou beoog in die bouplan bedoel in paragraaf (a).

(2) 'n Persoon wat die eienaar van die betrokke grond is of 'n persoon wat deur die eienaar gemagtig is, kan by die Departementshoof aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk bedoel in subartikel (1). 5

(3) 'n Aansoek om 'n verlenging moet voor die verstryking van die tydperk bedoel in subartikel (1) skriftelik by die Departementshoof ingedien word.

(4) By oorweging van 'n aansoek om 'n verlenging, moet die Departementshoof in ag neem of—

(a) die omstandighede wat ten tye van die oorspronklike aansoek geheers het 10 wesenlik verander het;

(b) wetlike of beleidsvereistes van toepassing op die goedkeuring wat ten tye van die oorspronklike aansoek geheers het wesenlik verander het; en

(c) nuwe voorwaardes van goedkeuring nodig is.

HOOFSTUK VI 15

BEGINSELS VIR GRONDGEBRUIKBEPLANNING

Toepassing van beginsels vir grondgebruikbeplanning

58. Die beginsels vir grondgebruikbeplanning wat in hierdie Hoofstuk uiteengesit word, is van toepassing op alle staatsorgane wat verantwoordelik is vir die implementering van wetgewing wat die aanwending en ontwikkeling van grond 20 reguleer, en dié beginsels lei—

(a) die voorbereiding, aanneming en implementering van 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema, en van enige beleid of wet rakende grondgebruikbeplanning;

(b) enige stappe ter versekering van volhoubare ontwikkeling; 25

(c) die oorweging deur 'n bevoegde gesag ingevolge hierdie Wet en enige ander tersaaklike gesag van 'n aansoek wat 'n impak op die aanwending en ontwikkeling van grond het; en

(d) die verrigting van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet of ander wetgewing wat grondgebruikbeplanning reguleer. 30

Beginsels vir grondgebruikbeplanning

59. (1) Grondgebruikbeplanning word deur die volgende beginsels van ruimtelike geregtigheid gelei:

(a) ruimtelike en ander ontwikkelingswanbalanse uit die verlede behoort reggestel te word deur verbeterde toegang tot, en aanwending van, grond; 35

(b) ruimtelike ontwikkelingsraamwerke en beleid by alle regeringsfere behoort aandag te gee aan die insluiting van persone en gebiede wat voorheen uitgesluit is, met 'n klem op informele nedersettings en gebiede wat deur wydverspreide armoede en ontneming gekenmerk word;

(c) ruimtelike beplanningsmeganismes, met inbegrip van soneringskemas, behoort bepalinge in te sluit wat regstelling in toegang tot grond deur benadeelde gemeenskappe en persone moontlik maak; 40

(d) grondgebruikbestuurstelsels behoort alle gebiede van 'n munisipaliteit in te sluit en spesifiek bepalinge in te sluit wat buigsaam en gepas is vir die bestuur van benadeelde gebiede en informele nedersettings; 45

(e) grondontwikkelingsprosedures moet bepalinge insluit wat toegang tot, en die fasilitering van, sekerheid van verblyfreg en die stapsgewyse opgradering van informele gebiede akkommodeer;

(f) 'n bevoegde gesag beoog in hierdie Wet of ander tersaaklike gesag wat 'n aansoek oorweeg wat voor die gesag dien, mag nie belemmer of beperk word 50 in die uitoefening van sy of haar diskresie alleenlik op grond daarvan dat die waarde van grond of eiendom deur die uitslag van die aansoek geraak sal word nie; en

(g) die reg van eienaars om grond ooreenkomstig huidige gebruiksregte te ontwikkel, behoort erken te word. 55

(2) Grondgebruikbeplanning word gelei deur die volgende beginsels van ruimtelike volhoubaarheid:

- (a) grondgebruikbeplanning behoort—
- (i) grondontwikkeling te bevorder wat ruimtelik kompak, hulpbronspaarsamig en binne die fiskale, institusionele en administratiewe vermoëns van die tersaaklike bevoegde gesag ingevolge hierdie Wet of ander tersaaklike gesag is; 5
 - (ii) te verseker dat spesiale oorweging geskenk word aan die beskerming van voorste, unieke en hoëpotensiaal- landbougrond;
 - (iii) konsekwentheid van grondgebruikmaatreëls ooreenkomstig omgewingsbestuursinstrumente te handhaaf;
 - (iv) die doeltreffende en billike funksionering van grondmarkte te bevorder en te stimuleer; 10
 - (v) alle huidige en toekomstige kostes aan alle partye vir die verskaffing van infrastruktuur en maatskaplike dienste in grondontwikkeling te oorweeg;
 - (vi) grondontwikkeling te bevorder in plekke wat volhoubaar is en stadskruipe beperk; 15
 - (vii) aanleiding te gee tot lewensvatbare gemeenskappe; en
 - (viii) te poog om te verseker dat daar op 'n bekostigbare wyse aan die basiese behoeftes van alle burgers voldoen word;
- (b) die voortgesette beskerming van die omgewing behoort verseker te word deur die volgende in ag te neem: 20
- (i) natuurlike habitat, ekologiese stroke en gebiede van groot belang vir biodiversiteit;
 - (ii) die provinsiale erfenis- en toerismehulpbronne;
 - (iii) gebiede wat ongeskik is vir ontwikkeling, met inbegrip vanloedvlaktes, steil hellings, vleilande en gebiede met 'n hoë watertafel en landskappe en natuurverskynsels van kulturele belang; en 25
 - (iv) die ekonomiese potensiaal van die tersaaklike gebied of streek;
- (c) strategieë ter aanpassing by, en ter versagting van, klimaatsverandering behoort by grondgebruikbeplanning ontwikkel en oorweeg te word;
- (d) die verskaffing en besparing van energie en die bestuur van die aanvraag daarvoor behoort by grondgebruikbeplanning oorweeg te word; 30
- (e) die veilige aanwending van grond behoort verseker te word deur die inagneming van faktore soos styging in die seevlak, stormdeinings, oorstromings, brandgevaar en geologiese formasies;
- (f) die onwettige besetting van grond behoort ontmoedig te word met behoorlike erkenning van praktyke van informele grondontwikkeling; en 35
- (g) ontwikkeling behoort beginselgedrewe te wees en aan langtermynmaatskaplike, ekonomiese en omgewingsvoordele voorrang te verleen bo korttermynvoordele.
- (3) Grondgebruikbeplanning word deur die volgende beginsels van doelmatigheid gelei: 40
- (a) grondontwikkeling behoort die gebruik van bestaande hulpbronne, infrastruktuur, landbou, grond, minerale en fasiliteite te optimaliseer;
- (b) geïntegreerde stede en dorpe behoort ontwikkel te word, waarvolgens— 45
- (i) die maatskaplike, ekonomiese, institusionele en fisiese aspekte van grondontwikkeling geïntegreer word;
 - (ii) grondontwikkeling in landelike en stedelike gebiede ter ondersteuning van mekaar bevorder word;
 - (iii) die beskikbaarheid van woon- en werkgeleenthede wat naby mekaar geleë is of met mekaar geïntegreer is, bevorder word; 50
 - (iv) 'n uiteenlopende kombinasie van grondgebruike bevorder word;
 - (v) die verskynsel van stadspreiding in stedelike gebiede ontmoedig word en die ontwikkeling van meer kompakte dorpe en stede met digter bewoning bevorder word;
 - (vi) historiese verwronge ruimtelike nedersettingspatrone reggestel word; en 55
 - (vii) die gehalte en funksionaliteit van die openbare ruimtelike omgewing bevorder word; en
- (c) beleid, administratiewe praktyk en wetgewing behoort spoedige grondontwikkeling te bevorder.
- (4) Grondgebruikbeplanning word deur die volgende beginsels van goeie administrasie gelei: 60
- (a) alle regeringsfere behoort 'n geïntegreerde benadering tot grondgebruikbeplanning te verseker;

- (b) alle regeringsdepartemente moet hul sektorinsette verskaf en aan enige ander wetlike vereistes voldoen gedurende die voorbereiding of wysiging van ruimtelike ontwikkelingsraamwerke;
- (c) daar moet betyds aan die vereistes van enige wet rakende grondontwikkeling voldoen word; 5
- (d) die voorbereiding en wysiging van ruimtelike planne, beleid, soneringskemas en prosedures vir grondontwikkelings- en grondgebruikaansoeke behoort deursigtige prosesse van openbare deelname in te sluit wat alle partye die geleentheid gun om insette te lewer oor aangeleenthede wat hulle raak;
- (e) wetgewing, prosedures en administratiewe praktyk in verband met grondontwikkeling behoort duidelik te wees en voorspelbaarheid, vertroue en aanvaarding te bevorder ten einde lede van die publiek in te lig en te bemagtig; 10
- (f) 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, soneringskema of beleid behoort in fases ontwikkel te word en elke fase in die ontwikkeling daarvan behoort oorlegpleging met die publiek en tersaaklike staatsorgane in te sluit en behoort deur die tersaaklike bevoegde gesag geëndosseer te word; 15
- (g) besluitnemingsprosedures behoort ontwerp te word om negatiewe finansiële, maatskaplike, ekonomiese of omgewingsimpakte te minimaliseer;
- (h) ontwikkelingsaansoekprosedures behoort doelmatig en vaartbelyn te wees en alle partye behoort by tydraamwerke te hou; en 20
- (i) besluitneming in alle regeringsfere behoort gelei te word deur, en gevolg te gee aan, statutêre stelsels vir grondgebruikbeplanning.
- (5) Grondgebruikbeplanning word gelei deur die beginsel van ruimtelike veerkragtigheid, waarvolgens buigsamheid in ruimtelike planne, beleid en stelsels vir grondgebruikbestuur geakkommodeer word om volhoubare bestaansmiddele te verseker in gemeenskappe wat die kwesbaarste is vir die impak van ekonomiese en omgewingskokke. 25
- (6) Die Provinsiale Minister kan verdere grondgebruikbeplanningsbeginsels voorskryf.
- (7) Die Provinsiale Minister moet, voordat hy of sy beginsels kragtens subartikel (6) voorskryf— 30
- (a) die konsepbeginsels in die media publiseer op 'n wyse wat munisipaliteite en ander belanghebbende persone 'n geleentheid gee om kommentaar op die konsepbeginsels te lewer; en
- (b) die kommentaar wat ingevolge paragraaf (a) gelewer is, oorweeg. 35

HOOFSTUK VII

VRYSTELLINGS EN MAGTIGINGS

Provinsiale vrystellings en magtigings

- 60.** (1) Die Provinsiale Minister kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n munisipaliteit vrystel van 'n bepaling bedoel in Hoofstuk III of IV, om die finansiële of administratiewe las te verminder van— 40
- (a) geïntegreerde aansoekprosesse beoog in artikel 67;
- (b) die lewering van behuising met behulp van 'n staatsubsidie; of
- (c) stapsgewyse opgradering van bestaande nedersettings.
- (2) In 'n noodsituasie kan die Provinsiale Minister 'n munisipaliteit skriftelik magtig om van 'n bepaling van hierdie Wet af te wyk. 45
- (3) 'n Magtiging kragtens subartikel (2) verstryk 90 dae vandat dit gegee is, tensy dit voor die verstryking ingetrek word.
- (4) In 'n noodsituasie beoog in subartikel (2) is die beginsels bedoel in Hoofstuk VI steeds van toepassing. 50
- (5) Die Provinsiale Minister moet—
- (a) binne 48 uur van 'n magtiging kragtens subartikel (2), of 'n wysiging of intrekking van 'n voorwaarde van so 'n magtiging kragtens subartikel (6), die Provinsiale Kabinet daarvan in kennis stel en 'n kennisgewing daarvan in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer; en 55
- (b) binne 14 dae van die magtiging of die wysiging of intrekking van die voorwaarde, 'n verslag daarvan by die Provinsiale Kabinet indien.
- (6) Die Provinsiale Minister kan 'n voorwaarde van 'n vrystelling of magtiging kragtens subartikel (1) of (2), oplê, intrek of wysig.

Vrystellings in verband met onderverdelings en konsoliderings

- 61.** (1) Die onderverdeling of konsolidering van grondeenhede word van die toepassing van artikels 36(1) en 38(1) vrygestel indien dit voortspruit uit—
- (a) die implementering van 'n hofuitspraak; of
 - (b) 'n onteining. 5
- (2) 'n Munisipaliteit kan, ooreenkomstig artikel 43, voorsiening maak vir die vrystelling van artikel 36(1) of 38(1) van kategorieë van onderverdeling of konsolidering van grondeenhede, en kan die vrystelling reguleer, met inbegrip van die onderverdeling of konsolidering van grondeenhede wat voortspruit uit die volgende:
- (a) 'n mindere wysiging van die gemeenskaplike grens tussen twee of meer grondeenhede;
 - (b) die konsolidering van 'n geslote openbare plek met 'n aangrensende erf;
 - (c) die bou of verandering van 'n openbare of geproklameerde straat;
 - (d) die registrasie van 'n serwituut of 'n huurooreenkoms vir—
 - (i) die verskaffing of installering van waterpyplyne, elektrisiteits-toevoerlyne, rioolpyplyne, gaspyplyne of olie- en petroleumprodukt-pyplyne deur of namens 'n staatsorgaan of diensverskaffer; 15
 - (ii) die verskaffing of installering van telekommunikasielyne deur of namens 'n gelisensieerde telekommunikasieloperateur;
 - (iii) die verlening van 'n reg van weg; 20
 - (iv) die oplegging van hoogtebeperkings; of
 - (v) die verlening van 'n reg van bewoning of vruggebruik;
 - (e) die uitsluitlike aanwending van grond vir landboudoeleindes indien die aanwending—
 - (i) goedkeuring vereis ingevolge wetgewing wat die onderverdeling van landbougrond reguleer; en 25
 - (ii) nie aanleiding gee tot stedelike uitbreiding nie; of
 - (f) buitengewone omstandighede indien die vrystelling nie munisipale grondgebruikbeplanning of die regte of regmatige verwagtinge van enige persoon nadelig raak nie. 30
- (3) Die Landmeter-generaal mag nie 'n algemene plan of diagram ten opsigte van die onderverdeling of konsolidering van grondeenhede beoog in hierdie artikel goedkeur of wysig sonder skriftelike bevestiging van die munisipaliteit dat die onderverdeling of konsolidering deur 'n munisipaliteit ooreenkomstig hierdie artikel vrygestel word nie.

HOOFSTUK VIII 35

BEPLANNINGSADVIESKOMITEE

Beplanningsadvieskomitee

- 62.** (1) Die Provinsiale Minister kan 'n Beplanningsadvieskomitee instel.
- (2) Die Komitee gee raad en doen aanbevelings aan die Provinsiale Minister op sy of haar versoek, ten opsigte van— 40
- (a) aangeleenthede wat die toepassing van hierdie Wet raak; of
 - (b) regulasies wat ingevolge hierdie Wet nodig kan wees.

Samestelling van Komitee

- 63.** (1) Die lede van die Komitee moet deur die Provinsiale Minister aangestel word en bestaan uit— 45
- (a) 'n werknemer van die Departement wat deur die Departementshoof aangewys word, as 'n *ex officio*-lid; en
 - (b) minstens vyf en hoogstens 10 ander lede, soos die Provinsiale Minister kan bepaal.
- (2) Die lede van die Komitee moet aangestel word uit hoofde van hul kwalifikasies en ondervinding in, en kennis van, grondgebruikbeplanning en aangeleenthede wat met die toepassing van hierdie Wet verband hou en moet permanent in die Provinsie woonagtig wees. 50
- (3) Die lede van die Komitee bedoel in subartikel (1)(b) kan slegs aangestel word nadat die Provinsiale Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in ander media wat die Provinsiale Minister gepas ag, belanghebbende partye uitgenooi het om 55

binne die tydperk vermeld in die kennisgewing name voor te lê van persone wat geskik en gepas is om aldus aangestel te word.

Ampstermyn en diensvoorwaardes

- 64.** (1) 'n Lid word vir 'n termyn van drie jaar, wat eenmalig hernubaar is, aangestel.
- (2) Die pos van 'n lid raak vakant indien— 5
- (a) die lid van twee opeenvolgende vergaderings van die Komitee sonder die verlot van die voorsitter van die Komitee afwesig is;
 - (b) die lid sy of haar bedanking skriftelik by die voorsitter van die Komitee indien;
 - (c) die lid kragtens subartikel (3) uit die Komitee verwyder word; of 10
 - (d) die lid sterf.
- (3) Die Provinsiale Minister kan 'n lid van die Komitee verwyder indien genoegsame redes vir sy of haar verwydering bestaan.
- (4) 'n Vakature in die Komitee moet deur die Provinsiale Minister ingevolge artikel 63 gevul word. 15
- (5) 'n Lid wat uit hoofde van subartikel (4) aangestel word, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat hy of sy vervang, aangestel is.
- (6) Die Provinsiale Minister moet 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter vir die Komitee uit die geledere van die Komitee aanwys. 20
- (7) Die Provinsiale Minister kan ander aanstellingsvoorwaardes bepaal waarvoor daar nie in hierdie artikel voorsiening gemaak word nie.
- (8) Lede van die Komitee bedoel in artikel 63(1)(b) moet op die bepalings en voorwaardes aangestel word, en moet die vergoeding en toelaes betaal word en vergoed word vir uitgawes soos bepaal deur die Provinsiale Minister met die instemming van die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir finansies. 25

Vergaderings van Komitee

- 65.** (1) Die Komitee kan, met die goedkeuring van die Provinsiale Minister, reëls opstel ten opsigte van besluitneming deur die Komitee en die hou van, en die prosedures by, vergaderings van die Komitee. 30
- (2) Vergaderings van die Komitee moet op die tye en by die plekke vergader wat deur die voorsitter van die Komitee ooreenkomstig die reëls van die Komitee bepaal word.
- (3) Die Komitee kan 'n subkomitee aanstel wat bestaan uit lede van die Komitee met die nodige kundigheid om die Provinsiale Minister oor 'n bepaalde aangeleentheid te adviseer. 35

HOOFSTUK IX

ALGEMENE BEPALINGS

Deel 1:

Evaluering van aangeleenthede oor grondgebruikbeplanning

Evaluering en aanbevelings deur geregistreerde beplanners 40

- 66.** (1) 'n Munisipaliteit moet 'n skriftelike evaluering van, en aanbeveling deur, 'n geregistreerde beplanner wat, behoudens subartikel (2), deur die munisipaliteit aangestel is, oorweeg voordat hy besluit oor—
- (a) die aanneming of wysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelings-raamwerk; 45
 - (b) die aanneming of wysiging van 'n soneringskema;
 - (c) 'n hersonering;
 - (d) 'n onderverdeling van 'n grondgebied bedoel in 'n grondgebruikaansoek in meer as 20 kadastrale eenhede;
 - (e) die sluiting van 'n openbare plek; of 50
 - (f) 'n opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde indien dit verband hou met 'n verandering van grondgebruik.

(2) Die Provinsiale Regering kan op versoek van 'n munisipaliteit wat nie oor die dienste van 'n geregistreerde beplanner beskik nie, 'n geregistreerde beplanner aanstel, behoudens die wette wat aanstellings of sekonderings in die staatsdiens of verkryging van dienste deur die Departement reguleer, om die evaluering en aanbeveling beoog in subartikel (1) te verskaf. 5

(3) Die Provinsiale Regering kan 'n ooreenkoms met 'n munisipaliteit beoog in subartikel (2) aangaan ten opsigte van die aanspreeklikheid vir die kostes verbonde aan die aanstelling uit hoofde van subartikel (2) van 'n geregistreerde beplanner.

(4) Die Departementshoof of die Provinsiale Minister, na gelang van die geval, moet 'n skriftelike evaluering van, en aanbeveling deur, 'n geregistreerde beplanner wat aangestel is ingevolge die wette wat aanstellings in die staatsdiens of verkryging van dienste deur die Departement reguleer, oorweeg voor hy of sy— 10

(a) besluit oor die aanneming of wysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk; 15

(b) kommentaar beoog in artikel 12(4) of 13(2) op die aanneming of wysiging van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk verskaf;

(c) kommentaar beoog in artikel 26(4) of 27(2) op die aanneming of wysiging van 'n soneringskema verskaf;

(d) kommentaar beoog in artikel 45 op 'n grondgebruikaansoek verskaf; 20

(e) kommentaar beoog in artikel 52 op 'n appèl verskaf; of

(f) besluit oor 'n grondontwikkelingsaansoek beoog in Hoofstuk V.

Deel 2:

Geïntegreerde prosedures en besluite

Geïntegreerde prosedures en besluite 25

67. (1) Die Departementshoof, munisipaliteite en ander staatsorgane wat ander wetgewing administreer in verband met aktiwiteite wat goedkeuring ooreenkomstig hierdie Wet asook daardie wetgewing vereis—

(a) moet poog om die prosedurele vereistes vir besluitneming ingevolge hierdie Wet en daardie wetgewing te koördineer en in ooreenstemming te bring, ten einde duplisering te vermy; en 30

(b) kan met mekaar skriftelike ooreenkomste aangaan om duplisering in die indiening van inligting of die uitvoering van 'n proses te vermy.

(2) 'n Ooreenkoms beoog in subartikel (1)(b) kan—

(a) voorsiening maak vir geïntegreerde goedkeurings; 35

(b) die geïntegreerde indiening van, openbare en interregeringsoorlegpleging oor, en evaluering van, veelvoudige aansoeke deur munisipaliteite, die Departementshoof en ander staatsorgane vir 'n spesifieke voorgestelde ontwikkeling of aanwending van grond fasiliteer;

(c) die gelyktydige publiserings van die besluite van munisipaliteite, die Departementshoof en ander staatsorgane ten opsigte van 'n spesifieke voorgestelde ontwikkeling of aanwending van grond fasiliteer; of 40

(d) 'n raamwerk verskaf vir die koördinering van prosedurele vereistes vir aansoeke wat by of kragtens verordeninge, hierdie Wet of ander wetgewing opgelê is. 45

(3) 'n Geïntegreerde goedkeuring beoog in subartikel (2)

(a) kan slegs goedgekeur word indien—

(a) 'n skriftelike ooreenkoms aangegaan is tussen die staatsorgane wat die geïntegreerde goedkeuring goedgekeur;

(b) daar aan alle tersaaklike bepalings van toepaslike verordeninge, hierdie Wet en ander wetgewing voldoen is; 50

(c) die goedkeuring—

(i) die bepalings ingevolge waarvan dit goedgekeur is, vermeld; en

(ii) die staatsorgane wat dit goedgekeur het, vermeld; en

(d) die onderskeie besluite van die staatsorgane wat deel uitmaak van die geïntegreerde goedkeuring gelyktydig gepubliseer word in die media indien publiserings daarvan vereis word. 55

- (4) Die Provinsiale Minister kan regulasies maak of riglyne uitreik ten einde prosedurele vereistes te koördineer en in ooreenstemming te bring wat opgelê word ingevolge—
- (a) hierdie Wet; en
 - (b) ander wetgewing in verband met aktiwiteite wat ooreenkomstig hierdie Wet goedkeuring vereis. 5
- (5) 'n Munisipaliteit of die Departementshoof kan oor 'n aansoek wat ook goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis, besluit op grond van 'n proses wat kragtens daardie wetgewing voorgeskryf word, maar slegs indien daardie proses aan die vereistes van die toepaslike verordeninge en hierdie Wet voldoen. 10
- (6) Die Departementshoof kan oor 'n aansoek beoog in artikel 54 besluit op grond van 'n proses wat kragtens die verordeninge van die tersaaklike munisipaliteit voorgeskryf word, maar slegs indien daardie proses aan die vereistes van hierdie Wet voldoen.

Deel 3: 15

Afdwinging, misdrywe en strawwe

Bevoegdhede om ondersoek uit te voer en om af te dwing

- 68.** (1) 'n Werknemer aangewys deur die Departementshoof kan grond of 'n gebou betree ten einde—
- (a) 'n ondersoek uit te voer om vas te stel of 'n persoon voldoen aan die bepalings of voorwaardes van 'n goedkeuring wat kragtens artikel 54 of 56(6) verleen is of 'n kennisgewing wat ingevolge artikel 70 uitgereik is; 20
 - (b) 'n ondersoek uit te voer om vas te stel of 'n persoon aan artikel 53(1) voldoen; en
 - (c) enige stappe te doen wat kragtens hierdie Wet gemagtig word om die bepalings of voorwaardes van 'n goedkeuring wat kragtens artikel 54 of 56(6) verleen is, af te dwing of om 'n oortreding daarvan of 'n oortreding van artikel 53(1) reg te stel. 25
- (2) Wanneer hy of sy 'n ondersoek beoog in subartikel 1(a) of (b) uitvoer, kan die aangewese werknemer— 30
- (a) versoek dat enige rekord, dokument of item wat met die ondersoek sal help, verskaf word;
 - (b) afskrifte maak, of uittreksels neem, van enige dokument wat uit hoofde van paragraaf (a) verskaf is of wat op die betrokke grond of in die betrokke gebou gevind word en wat met die ondersoek verband hou; of 35
 - (c) by die verskaffing van 'n kwitansie, 'n rekord, dokument of ander item beoog in paragraaf (b) verwyder.
- (3) Geen persoon mag 'n aangewese werknemer wat besig is om 'n ondersoek of 'n afdwingingsaksie uit te voer, verhinder of dwarsboom nie.
- (4) 'n Ondersoek of afdwingingsaksie kragtens subartikel (1) moet op 'n redelike tyd plaasvind en nadat redelike kennis aan die eienaar of bewoner van die grond of gebou gegee is. 40
- (5) Die aangewese werknemer kan die betrokke grond of gebou betree en ondersoek slegs met die toestemming van 'n persoon wat toestemming daarvoor kan verleen of kragtens die gesag van 'n lasbrief wat kragtens artikel 69 uitgereik is. 45
- (6) Die aangewese werknemer moet, op versoek, identifikasie verskaf wat aantoon dat hy of sy deur die Departementshoof gemagtig is om die ondersoek of afdwingingsaksie uit te voer.
- (7) Die aangewese werknemer word nie vereis om redelike of enige kennis te gee om grond of 'n gebou, behalwe 'n privaat woning, te betree nie, en kan sonder die toestemming van die eienaar of bewoner van sodanige grond of gebou en sonder 'n lasbrief enige ondersoek of afdwingingsaksie uitvoer indien— 50
- (a) hy of sy op redelike gronde glo dat 'n lasbrief aan hom of haar uitgereik sal word by aansoek kragtens artikel 69; en
 - (b) die oonthoud van die verkryging van die lasbrief die doel van die ondersoek en afdwingingsaksie sal verydel. 55
- (8) Die betreding van grond, 'n gebou of struktuur kragtens hierdie artikel moet met streng inagneming van behoortlikheid en orde uitgevoer word, wat inagneming van die volgende moet insluit:

- (a) 'n persoon se reg tot respek vir, en beskerming van, sy of haar waardigheid;
- (b) die reg tot vryheid en sekerheid van die persoon; en
- (c) 'n persoon se reg tot persoonlike privaatheid.

Lasbrief

- 69.** 'n Regter of 'n landdros, indien oortuig deur inligting onder eed dat— 5
- (a) 'n aangewese werknemer betreding van grond of 'n gebou geweier is wat hy of sy geregtig is om te ondersoek of waarop hy of sy 'n afdwingingsaksie kan uitvoer;
 - (b) 'n aangewese werknemer redelikerwys voorsien dat betreding van grond of 'n gebou wat hy of sy geregtig is om te ondersoek of waarop hy of sy 'n afdwingingsaksie kan uitvoer, geweier sal word; 10
 - (c) daar redelike gronde is om te vermoed dat 'n oortreding beoog in artikel 68(1)(a) of (b) plaasgevind het en 'n ondersoek van die perseel waarskynlik inligting rakende daardie oortreding sal oplewer; of
 - (d) die ondersoek redelikerwys nodig is vir die doeleindes van hierdie Wet, kan, by aansoek sonder kennisgewing, 'n lasbrief uitreik wat die aangewese werknemer en enige ander persoon wat in die lasbrief genoem word magtig om die grond of gebou te betree en 'n ondersoek of afdwingingsaksie uit te voer. 15

Kennisgewing om oortredings reg te stel 20

- 70.** Indien 'n aangewese werknemer bevind dat 'n persoon—
- (a) artikel 53(1) oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
 - (b) versuim om aan die voorwaardes te voldoen wat opgelê is ten opsigte van 'n goedkeuring wat kragtens artikel 54 of 56(6) verleen is, kan die aangewese werknemer 'n skriftelike kennisgewing aan daardie persoon gee wat van hom of haar vereis om die oortreding, of versuim om aan die voorwaardes te voldoen, reg te stel. 25

Inhoud van kennisgewing

- 71.** Die kennisgewing bedoel in artikel 70 kan—
- (a) die persoon aan wie dit gerig is gelas om iets op te hou doen, of om die wyse waarop die persoon iets doen te verander; 30
 - (b) die persoon gelas om enige stappe te doen of maatreël te tref wat nodig is om die oortreding reg te stel en, waar nodig, 'n herhaling van die oortreding te voorkom;
 - (c) 'n tydperk vermeld waarbinne die persoon aan die kennisgewing moet voldoen; en 35
 - (d) verklaar dat indien die persoon nie binne die vermelde tydperk aan die kennisgewing voldoen nie die Departementshoof op die koste van die persoon enige stappe wat nodig is kan doen om die oortreding reg te stel.

Regstelling van oortredings 40

- 72.** (1) Die Departementshoof kan enige stappe doen of maatreël tref wat redelik is om 'n oortreding van voorwaardes van 'n goedkeuring wat kragtens artikel 54 of 56(6) verleen is of 'n oortreding van artikel 53(1) reg te stel, indien—
- (a) die aangewese werknemer 'n skriftelike kennisgewing kragtens artikel 70 gegee het; 45
 - (b) die kennisgewing die tersaaklike aangeleentheid beoog in artikel 71 bevat;
 - (c) die persoon aan wie die kennisgewing gerig is nie aan die kennisgewing voldoen het binne die tydperk vermeld in die kennisgewing nie; en
 - (d) die spertyd vir die aanvera van 'n hersiening kragtens artikel 73(1) verby is of, indien 'n hersiening van die kennisgewing aangevera is, die besluit van die Provinsiale Minister is dat die Departementshoof die stappe moet doen of die maatreël moet tref. 50
- (2) Die Departementshoof kan die koste van die stappe of maatreël wat kragtens hierdie artikel gedoen of getref is, verhaal van die persoon aan wie die kennisgewing beoog in subartikel (1)(a) gerig is. 55

Hersiening deur Provinsiale Minister

73. (1) 'n Persoon wat 'n kennisgewing kragtens artikel 70 gegee is kan, nie later as 14 dae nadat die kennisgewing ontvang is nie, skriftelik by die Provinsiale Minister aansoek doen om 'n hersiening van die kennisgewing.

(2) Na die ontvangs van 'n skriftelike versoek om 'n kennisgewing te hersien, moet die Provinsiale Minister, binne 21 dae van ontvangs van die versoek, die kennisgewing hersien en die kennisgewing bevestig, wysig of intrek. 5

Misdrywe en strawwe

74. (1) Dit is 'n misdryf vir—

(a) 'n persoon om artikel 53(1) of 68(3) te oortree of te versuim om daaraan te voldoen; 10

(b) 'n persoon om, in 'n grondontwikkelingsaansoek of in 'n appèl teen 'n besluit oor 'n grondontwikkelingsaansoek, besonderhede, inligting of antwoorde te verskaf met die wete dat die besonderhede, inligting of antwoorde onwaar, foutief of misleidend is of indien die persoon nie van mening is dat dit korrek is nie; 15

(c) 'n persoon om 'n voorwaarde wat ten opsigte van 'n goedkeuring bedoel in artikel 54 of 56(6) opgelê is, te oortree of te versuim om daaraan te voldoen;

(d) 'n persoon om die Departementshoof wat kragtens artikel 72 optree, te verhinder of te dwarsboom; of 20

(e) 'n persoon om te versuim om aan 'n kennisgewing wat kragtens artikel 70 gegee is, te voldoen.

(2) 'n Persoon wat skuldig is aan 'n misdryf kragtens subartikel (1) is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 20 jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf. 25

(3) 'n Persoon wat kragtens hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind is en wat, na skuldigbevinding, voortgaan met die handeling ten opsigte waarvan hy of sy aldus skuldig bevind is, is skuldig aan 'n voortgesette misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf, ten opsigte van elke dag waarop hy of sy aldus voortgaan of voortgegaan het met die handeling. 30

(4) Rakende misdrywe, boetes en strawwe, moet 'n munisipaliteit voorsiening maak vir minstens—

(a) misdrywe, boetes en strawwe ter afdwinging van die bepalings van— 35

(i) 'n soneringskema;

(ii) voorwaardes van goedkeuring beoog in artikel 40; en

(iii) artikels 30, 36(1) en 38(1);

(b) ondersoeke na beweerde oortredings van sy soneringskema;

(c) die uitreik van lasgewings om onwettige ontwikkeling of aanwending binne 'n redelike tydperk te staak, wat die volgende kan insluit: 40

(i) om die betrokke grond na sy oorspronklike vorm te rehabiliteer;

(ii) om aansoek te doen by die munisipaliteit om goedkeuring van die ontwikkeling van grond binne 'n tydperk bepaal deur die munisipaliteit; en

(iii) om 'n strydigheidshewing te betaal indien die goedkeuring bedoel in subparagraaf (ii) verleen word; en 45

(d) die reg van 'n persoon wat redelikerwys deur 'n beweerde misdryf geraak word om die munisipaliteit te versoek om die beweerde misdryf te ondersoek en stappe beoog in paragraaf (c) te doen.

Deel 4: 50

Delegering

Delegering van bevoegdheid en opdraging van pligte

75. (1) Die Premier kan enige van sy of haar bevoegdheid of enige van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet aan die Provinsiale Minister delegeer of opdra.

- (2) Die Provinsiale Minister kan enige van sy of haar bevoegdheids of pligte ingevolge hierdie Wet, behalwe die bevoegdheid om regulasies te maak, aan die Departementshoof deleger of opdra.
- (3) Die Departementshoof kan enige van sy of haar bevoegdheids of pligte ingevolge hierdie Wet deleger of opdra aan— 5
- (a) 'n werknemer in die Departement; of
 - (b) die bekleër van 'n spesifieke amp of posisie in die Departement.
- (4) 'n Delegering of opdraging bedoel in subartikel (1), (2) of (3)—
- (a) moet skriftelik wees; 10
 - (b) kan behoudens voorwaardes gemaak word;
 - (c) kan skriftelik ingetrek of gewysig word deur die Premier, die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval;
 - (d) kan die verdere delegering van daardie bevoegdheid of die verdere opdraging van daardie plig toelaat;
 - (e) verhoed nie die Premier, die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig uit te voer nie; en 15
 - (f) ontdoen nie die Premier, die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, van die verantwoordelikheid rakende die uitoefening van die gedelegerde bevoegdheid of die uitvoering van die opgedraagde plig nie. 20

Deel 5:

Regulasies en riglyne

Regulasies en riglyne

- 76.** (1) Die Provinsiale Minister— 25
- (a) moet regulasies maak rakende aangeleenthede wat voorgeskryf moet word;
 - (b) kan regulasies maak rakende enige aangeleentheid wat voorgeskryf kan word;
 - (c) kan regulasies maak, of riglyne uitreik, wat bestaanbaar is met hierdie Wet ten einde die implementering van hierdie Wet te vergemaklik, rakende—
- (i) beginsels, norme en standarde wat nodig is vir ordelike en gekoördineerde grondgebruikbeplanning, die bevordering van geïntegreerde sosio-ekonomiese ontwikkeling, die bepaling van die buitenste grens van stedelike uitbreiding of tipes ontwikkeling wat buite die buitenste grens van stedelike uitbreiding toegelaat of nie toegelaat word nie; 30 35
 - (ii) minimum standarde vir aansoekprosedures;
 - (iii) minimum standarde vir behuising wat met behulp van 'n staatsubsidie verskaf word, ingenieursdienste, energiegebruik, aanpassing by klimaatsverandering en maatskaplike fasiliteite;
 - (iv) minimum standarde in verband met die omvang van grond benodig vir munisipaledienste-infrastruktuur of geriewe beoog in artikel 40(3) en die proporsionele bydrae deur 'n aansoeker tot munisipale openbare uitgawes ten opsigte daarvan; 40
 - (v) minimum standarde vir voorwaardes in verband met die oordrag van grond of die betaling van geld beoog in artikel 40(2)(b); 45
 - (vi) prosedures vir ondersoek- en afdwingingsaksies bedoel in artikels 68 tot 73.
- (2) Die Provinsiale Minister kan verskillende regulasies ten opsigte van verskillende munisipaliteite maak volgens hul onderskeie vermoëns om die doelwitte van hierdie Wet te bereik. 50

Deel 6:

Herroeping van wette, en voorbehoude en oorgangsbepalings

Herroeping van wette

77. (1) Die wette vermeld in die Bylae word herroep vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel en in die mate aangedui in die derde kolom van die Bylae. 5

(2) 'n Verwysing in enige ander wet of dokument na enige van die wette gelys in die Bylae word geag 'n verwysing na hierdie Wet en toepaslike verordeninge te wees.

Voorbehoude en oorgangsbepalings

78. (1) Enige goedkeuring, aanwysing, toestemming, reg of magtiging wat uitgereik, 10 verleen of van krag is ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, bly van krag en word geag uitgereik of verleen te wees ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge ooreenkomstige bepalinge van toepaslike verordeninge vir die tydperk waarvoor, en onderhewig aan die voorwaardes waarby, dit uitgereik of verleen is kragtens die heroepe wet totdat dit 15 ingetrek, gewysig of verleng word ingevolge toepaslike verordeninge.

(2) Ondanks artikel 77, moet enige stappe of aansoek wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gedoen is ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie afgehandel is nie afgehandel word asof hierdie Wet nie van krag is nie. 20

(3) Die bepalinge van die Wet op Landelike Gebiede in verband met die opmeting van grond en die uitreiking van 'n grondbrief of transportakte is steeds van toepassing op grond waarop daardie Wet onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van toepassing was totdat alle handelinge in verband met die opmeting van grond en die registrasie van erwe ingevolge 'n goedgekeurde plan kragtens artikel 20(2)(a) van daardie wet, afgehandel is. 25

(4) Die bepalinge van die Wet op Minder Formele Dorpstigting en die 1984-Regulasies is steeds van toepassing op grond waarop dit van toepassing was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of wat aangewys of goedgekeur is vir dorpstigting uit hoofde van subartikel (2) totdat alle handelinge in verband met die stigting van die dorpsuitbreiding en die registrasie van erwe afgehandel is. 30

(5) Na die inwerkingtreding van hierdie Wet, moet 'n wysiging van 'n uitlegplan of 'n algemene plan van 'n dorpsuitbreiding wat gestig is of goedgekeur is kragtens die Wet op Minder Formele Dorpstigting of die 1984-Regulasies of 'n wysiging van 'n plan wat kragtens artikel 20(2)(a) van die Wet op Landelike Gebiede voorberei is, deur die munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge toepaslike verordeninge goedgekeur word. 35

(6) Die Beplanningsadviesraad wat kragtens artikel 33 van die Ordonnansie ingestel is, bly voortbestaan en kan aanbevelings wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet hangend of onder hande is en aangeleenthede wat uit hoofde van subartikel (2) vir 'n aanbeveling na hom verwys is, afhandel. 40

(7) Die Provinsiale Minister moet, by die afhandeling van die aangeleenthede beoog in subartikel (6), die Beplanningsadviesraad by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* ontbind.

(8) Ondanks subartikels (2) tot (5), kan die Provinsiale Minister, ten einde ordelike oorgangsrëelings te verseker, voorskryf dat 'n bepaalde kategorie aangeleenthede afgehandel moet word ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge toepaslike verordeninge en kan die Provinsiale Minister enige ander maatreeël voorskryf om ordelike oorgangsrëelings te verseker. 45

Deel 7:

Kort titel en inwerkingtreding

Kort titel en inwerkingtreding

79. (1) Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* 5 bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende munisipale gebiede van die Provinsie bepaal word.

BYLAE

WETTE HERROEP BY ARTIKEL 77

| Nommer en jaar | Kort titel | Omvang van herroeping |
|---|--|---|
| Wet 84 van 1967 | Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 | Die geheel vir sover aan die Provinsie opgedra |
| Wet 8 van 2007 | Wes-Kaapse Wysigingswet op Opheffing van Beperkings, 2007 | Die geheel |
| Wet 88 van 1967 | Wet op Fisiese Beplanning, 1967 | Artikels 8, 9, 9A en 12 vir sover aan die Provinsie opgedra |
| Ordonnansie 20 van 1974 | Munisipale Ordonnansie, 1974 | Artikels 137 en 138 |
| Ordonnansie 18 van 1976 | Ordonnansie op Afdelingsrade, 1976 | Artikels 138 en 139 |
| Wet 4 van 1984 | Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 | Artikels 52 en 57B vir sover aan die Provinsie opgedra |
| Ordonnansie 15 van 1985 | Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 | Die geheel |
| Proklamasie 100/1987 van 30 Oktober 1987 (<i>Provinsiale Koerant</i> 4504) | Wysigingsproklamasie 100/1987 | Die geheel |
| Proklamasie 6/1992 van 7 Februarie 1992 (<i>Provinsiale Koerant</i> 4734) | Wysigingsproklamasie 6/1992 | Die geheel |
| R.168/1994 van 31 Oktober 1994 (<i>Staatskoerant</i> 16049) | Wysigingsproklamasie R.168/1994 | Die geheel |
| Wet 5 van 2001 | Wes-Kaapse Wet op die Wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2001 | Die geheel |
| Wet 7 van 2002 | Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2002 | Die geheel |
| Wet 6 van 2003 | Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2003 | Die geheel |

| Nommer en jaar | Kort titel | Omvang van herroeping |
|--|--|---|
| Wet 2 van 2004 | Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2004 | Die geheel |
| Wet 5 van 2005 | Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, Wysigingswet, 2005 | Die geheel |
| Wet 1 van 2009 | Wes-Kaapse Wysigingswet op die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, 2009 | Die geheel |
| Wet 2 van 2011 | Wes-Kaapse Wysigingswet op die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2011 | Die geheel |
| Wet 3 van 2011 | Wes-Kaapse Tweede Wysigingswet op die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2011 | Die geheel |
| Goewermements-kennisgewing R.1897/1986 gepubliseer in <i>Staatskoerant</i> 10431 van 12 September 1986 | Regulasies Betreffende Dorpstigting en Grondgebruik ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984) | Die geheel vir sover op bestaande dorpsbeplannings- en soneringskemas bedoel in artikel 33 van toepassing |
| Wet 9 van 1987 | Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 | Die geheel vir sover aan die Provinsie opgedra |
| Provinsiale Kennisgewing 733/1989 gepubliseer in <i>Provinsiale Koerant</i> 4606 van 22 September 1989 | Die Instelling en Wysiging van Dorpsbeplanningskemas vir die Provinsie Kaap die Goeie Hoop (Regulasies ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984) | Die geheel |
| Wet 113 van 1991 | Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991 | Die geheel vir sover dit aan die Provinsie opgedra is |
| Wet 6 van 2007 | Wes-Kaapse Wysigingswet op Minder Formele Dorpstigting, 2007 | Die geheel |
| Wet 7 van 1999 | Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 1999 | Die geheel |

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE KONSEPWETSONTWERP OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2013

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Grondgebruikbeplanning, 2013 (die Wetsontwerp), reageer op die behoefte aan 'n gemoderniseerde en doelmatige stelsel vir grondgebruikbeplanning wat volhoubare ontwikkeling in die Provinsie Wes-Kaap (die Provinsie) fasiliteer. Die Wetsontwerp word genoodsaak deur die behoefte aan wetservorming ten opsigte van grondgebruikbeplanning wat steeds deur wetgewing gereuleer word wat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet) voorafgaan. Van belang in hierdie hervorming is die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), wat op 2 Augustus 2013 goedgekeur is
- 1.2 Die Grondwet versprei funksionele gebiede wat met beplanning verband hou oor al drie regeringsfere. Die Wetsontwerp maak voorsiening vir die regulering van provinsiale beplanning, streekbeplanning en -ontwikkeling, stedelike en landelike ontwikkeling, die regulering, ondersteuning en monitering van munisipale beplanning en die regulering van openbare plekke en munisipale paaië in ooreenstemming met hierdie indeling.

2. DOEL VAN WETSONTWERP

- 2.1 Die Wetsontwerp is op sewe doelwitte toegespits. Eerstens konsolideer dit wetgewing in die Provinsie rakende provinsiale beplanning, streekbeplanning en -ontwikkeling, stedelike en landelike ontwikkeling, die regulering, ondersteuning en monitering van munisipale beplanning en die regulering van openbare plekke en munisipale paaië wat uit onderverdelings voortspruit. Tweedens maak dit voorsiening vir provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke. Derdens bepaal dit minimum standaarde vir, en die doelmatige koördinerende van, ruimtelike ontwikkelingsraamwerke. Vierdens bepaal dit minimum norme en standaarde vir doeltreffende munisipale ontwikkelingsbestuur. Vyfdens reguleer dit provinsiale ontwikkelingsbestuur. Sisdens bepaal dit beginsels vir grondgebruikbeplanning, en laastens herroep dit sekere oubedelingswette.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

3.1 HOOFSTUK I: UITLEG

Hoofstuk I bevat die woordomskrywing.

3.2 HOOFSTUK II: WERKSAAMHEDE VAN MUNISIPALITEITE EN PROVINSIALE REGERING

- 3.2.1 Vir die doeleindes van die Wetsontwerp sit Hoofstuk II 'n breedvoerige indeling van verantwoordelikhede uiteen tussen die provinsiale regering en munisipaliteite in die Provinsie.
- 3.2.2 Munisipaliteite is verantwoordelik vir grondgebruikbeplanning in hul munisipale gebiede. Metropolitaanse en plaaslike munisipaliteite moet minstens tersaaklike aspekte rakende soneringskemas, die oorweging van grondgebruiksansoeke en die afdwinging van hul verordeninge en besluite ten opsigte van grondgebruikbeplanning reguleer.
- 3.2.3 Die provinsiale regering is verantwoordelik vir die aanneming van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en, waar van toepassing, provinsiale streek-ruimtelike ontwikkelingsraamwerke. Die provinsiale regering moet voorts munisipale grondgebruikbeplanning reguleer, ondersteun en moniteer om toe te sien dat munisipaliteite hul grondgebruikbeplanningswerkzaamhede doeltreffend verrig.

- 3.2.4 Die provinsiale regering is ook verantwoordelik vir besluite oor grondontwikkelingsaansoeke wat 'n wesenlike uitwerking op die ordelike, gekoördineerde of harmoniese ontwikkeling van 'n streek of die Provinsie of die algemene welsyn van die inwoners van 'n streek of die Provinsie sal hê weens die aard of skaal van die voorgestelde grondgebruik of die kumulatiewe uitwerking van veelvoudige ontwikkelings. Sodanige ontwikkelings sal sowel munisipale as provinsiale goedkeuring benodig.

3.3 HOOFSTUK III: RUIMTELIKE BEPLANNING

- 3.3.1 Die Wetsontwerp vereis vooruitbeplanning in die provinsiale en munisipale regeringsfere. Die provinsiale regering sal 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (PROR) aanneem en munisipaliteite sal munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke (MROR'e) aanneem. In sommige gevalle kan die provinsiale regering 'n provinsiale streek- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (PSROR) saamstel.
- 3.3.2 Die opstel en goedkeuring van 'n MROR word deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), gereguleer, wat munisipaliteite verplig om ruimtelike ontwikkelingsraamwerke as 'n deel van geïntegreerde ontwikkelingsplanne aan te neem. Hoofstuk III bepaal verdere minimum standaarde vir die opstel en aanneming van ruimtelike ontwikkelingsraamwerke om doeltreffende ruimtelike beplanning deur munisipaliteite te verseker. Die Wetsontwerp bepaal minimum vereistes vir munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke met betrekking tot die inhoud daarvan om ooreenstemming met provinsiale strategieë en ontwikkelingsplanne te verseker.
- 3.3.3 Die Wetsontwerp maak voorsiening vir munisipaliteite om te kies om òf interregerings- loodskomitees in te stel, waarop die provinsiale regering verteenwoordig sal word gedurende die opstel van 'n MROR, òf om verpligtende kommentaar deur die Provinsiale Minister te oorweeg voordat 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk deur 'n munisipaliteit aangeneem word. Hierdie bepalings van die Wetsontwerp verseker dat die provinsiale regering die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op 'n MROR voor die aanneming of wysiging daarvan, wat 'n regverdigbare uitoefening van die provinsiale regering se bevoegdheid is om toe te sien dat munisipaliteite hul uitvoerende gesag ten opsigte van munisipale beplanning doeltreffend uitoefen. Hierdie bepalings sal voorts bydra tot die ewewig van ekonomiese, maatskaplike en omgewingsbelange in die toekomstige vorm van 'n bepaalde gebied.

3.4 HOOFSTUK IV: MUNISIPALE ONTWIKKELINGSBESTUUR

- 3.4.1 Hoofstuk IV reguleer die verskeie instrumente vir munisipale ontwikkelingsbestuur. Dit stel minimum standaarde vir die wyse waarop munisipaliteite soneringskemas moet opstel, aanneem en wysig. Die Wetsontwerp maak voorsiening vir munisipaliteite om te kies om òf interregerings- loodskomitees in te stel, waarop die Provinsie verteenwoordig sal word gedurende die opstel of wysiging van 'n soneringskema òf om verpligtende kommentaar deur die Provinsiale Minister te oorweeg voordat 'n soneringskema deur 'n munisipaliteit aangeneem of gewysig word. Hierdie bepalings van die Wetsontwerp verseker dat die Provinsie die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op 'n soneringskema voor die aanneming of wysiging daarvan en is 'n regverdigbare uitoefening van die Provinsie se bevoegdheid om toe te sien dat munisipaliteite hul uitvoerende gesag ten opsigte van munisipale beplanning doeltreffend uitoefen.
- 3.4.2 Hierdie Hoofstuk bepaal voorts minimum vereistes vir die keuselys van instrumente vir ontwikkelingsbestuur, naamlik hersonering, afwyking, vergunningsgebruik, onderverdeling, konsolidering en die opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes. Die Wetsontwerp bepaal minimum standaarde en vereistes waaraan munisipaliteite moet voldoen wanneer hulle hul eie reëls en prosedures ten opsigte van hierdie instrumente aanneem.

- 3.4.3 Die Wetsontwerp bepaal minimum standarde vir ontwikkelingsbestuur. Hierdie standarde handel met kwessies soos die minimum inligting wat deur aansoekers ingedien moet word, die publisering en betekening van kennisgewings om voorsiening te maak vir openbare deelname aan besluitneming, oorlegpleging met ander staatsorgane, gelde vir grondgebruikaansoeke, die grondslag van evaluering van grondgebruikaansoeke, kennisgewing van munisipale besluite en die opskorting van besluite hangende app lle.
- 3.4.4 Die Wetsontwerp bepaal voorts die grondwetlike bevoegdhede van die Provinsiale Minister ten opsigte van ondersteuning en monitering, wat hom of haar (en sy of haar departement) die reg gee om kommentaar oor sekere grondgebruikaansoeke en app lle te lewer voordat dit deur munisipaliteite oorweeg word. Sodanige kommentaar sal munisipaliteite op hul hoede stel vir enige grondliggende probleme met aansoeke en app lle wat vereis dat dit geweier word of vir ander probleme waaraan aandag gegee moet word deur die oplegging van gepaste voorwaardes van goedkeuring. Hierdie vereiste in die Wetsontwerp, dat die provinsiale regering die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer, is 'n regverdige uitoefening van sy bevoegdheid om toe te sien dat munisipaliteite hul uitvoerende gesag ten opsigte van munisipale beplanning doeltreffend uitoefen. Dit sal ook onnodige app lle en die oorlading van howe met hiersieningsake voorkom.

3.5 HOOFSTUK V: PROVINSIALE ONTWIKKELINGSBESTUUR

- 3.5.1 Hoofstuk V omskryf en reguleer die bevoegdheid van die provinsiale regering om grondontwikkeling goed te keur wat 'n wesenlike uitwerking op die ordelike, gekoördineerde of harmoniese ontwikkeling van 'n streek of die Provinsie sal hê of die algemene welsyn van die inwoners van 'n streek of die Provinsie weens die aard of skaal van die voorgestelde grondgebruik of die kumulatiewe uitwerking van veelvoudige ontwikkelings. Dit omskryf die tipes ontwikkeling wat die goedkeuring van die Departementshoof benodig (benewens die goedkeuring van die munisipaliteit). Die Departementshoof oorweeg slegs daardie aspekte van die ontwikkeling wat provinsiale beplanningsbelange raak. Die provinsiale goedkeuring word benodig wanneer die ontwikkeling van 'n skaal is of 'n impak sal hê wat munisipale grense oorskry. Die Provinsiale Minister kan voorgeskrewe kategorieë van grondontwikkeling daarvan vrystel om provinsiale goedkeuring te benodig.
- 3.5.2 Ten einde administratiewe rompslomp te minimaliseer, bepaal die Wetsontwerp dat prosedures vir provinsiale besluitneming kragtens hierdie Hoofstuk geïntegreer moet word met die prosedures vir munisipale besluitneming beoog in Hoofstuk IV.
- 3.5.3 Die Wetsontwerp bepaal ook 'n reg tot app l na die Provinsiale Minister teen 'n besluit van die Departementshoof. Provinsiale goedkeurings verval indien die goedgekeurde grondontwikkeling nie binne 10 jaar vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking getree het, aanvang neem nie.

3.6 HOOFSTUK VI: BEGINSELS VIR GRONDGEBRUIKBEPLANNING

Hoofstuk VI bepaal beginsels vir grondgebruikbeplanning wat dwarsoor die Provinsie van toepassing is. Hierdie beginsels weerspieël die besorgdheid van die provinsiale regering oor kwessies soos ruimtelike geregtigheid en volhoubaarheid, doelmatigheid, goeie administrasie en ruimtelike veerkragtigheid. Staatsorgane moet hierdie beginsels in ag neem wanneer hulle beplanning reguleer, planne goedkeur of besluite oor grondgebruik neem.

3.7 HOOFSTUK VII: VRYSTELLINGS EN MAGTIGINGS

- 3.7.1 Hoofstuk VII verleen aan die Provinsiale Minister die bevoegdheid om munisipaliteite van sekere bepalinge van die Wetsontwerp vry te stel ten einde die administratiewe of finansiële las op munisipaliteite te verlig en munisipaliteite die magtiging te gee om in noodsituasies van die minimum standarde wat die Wetsontwerp stel, af te wyk.

- 3.7.2 Hierdie Hoofstuk bepaal verder minimum standaarde waaraan munisipaliteite moet voldoen wanneer hulle vrystellings in verband met onderverdelings en konsoliderings bepaal.

3.8 HOOFSTUK VIII: BEPLANNINGSADVIESKOMITEE

- 3.8.1 Hoofstuk VIII verleen aan die Provinsiale Minister die bevoegdheid om 'n Beplanningsadvieskomitee in te stel ten einde raad te gee wat nodig kan wees oor die toepassing van hierdie Wetsontwerp en sy regulasies.
- 3.8.2 Hierdie Hoofstuk bepaal die samestelling van die Beplanningsadvieskomitee, vereistes in verband met die kwalifikasies en ondervinding van die lede, die ampstermyn en diensvoorwaardes van die lede, en maak voorsiening vir vergaderings van die komitee.

3.9 HOOFSTUK IX: ALGEMENE BEPALINGS

- 3.9.1 Hoofstuk IX vereis van 'n munisipaliteit, die Provinsiale Minister en die Departementshoof om 'n skriftelike evaluering deur 'n professionele of tegniese beplanner wat ingevolge die Wet op die Beplanningsprofessie, 2002 (Wet 36 van 2002), geregistreer is, te oorweeg voordat hy besluit of kommentaar lewer oor sekere aangeleenthede oor grondgebruikbeplanning. Die tipe aansoeke en aangeleenthede wat in hierdie bepaling van die Wetsontwerp vermeld word, raak kwessies wat professionele insig benodig. Die provinsiale regering kan, as 'n deel van sy toesighoudende werksaamheid, regmatig vereis dat munisipaliteite professionele beplanningsinsette oorweeg voordat hulle oor hierdie aangeleenthede besluit. In hierdie verband bepaal die Wetsontwerp dat munisipaliteite wat nie die dienste van 'n geregistreerde beplanner tot hul beskikking het nie die Provinsie kan nader om 'n professionele beplanner aan te stel om 'n verslag te verskaf. Die bepaling beperk nie die diskresie van 'n munisipaliteit, of 'n beplanningsbeampte met gedelegeerde bevoegdheid, om in stryd met die aanbeveling van die geregistreerde beplanner oor aangeleenthede te besluit nie. Die bepaling skryf ook nie voor welke kategorie van persone grondgebruiksaansoeke kan saamstel nie.
- 3.9.2 Hierdie Hoofstuk bepaal ook dat daar gepoog moet word om die veelvoudige prosedures wat op 'n enkele ontwikkeling van toepassing is, te integreer deur middel van ooreenkomste, geïntegreerde goedkeurings en gesamentlike openbare en interregeringsoorlegpleging. Die Wetsontwerp laat ook toe dat besluite oor aansoeke geneem word deur middel van 'n proses wat ander wetgewing voorskryf indien daardie proses aan die vereistes van toepaslike verordeninge en hierdie Wetsontwerp voldoen.
- 3.9.3 Hoofstuk IX bepaal verder provinsiale bevoegdhede om ondersoeke uit te voer en voldoening af te dwing aan die vereistes wat verband hou met goedkeurings deur die Departementshoof van grondontwikkeling. Die Wetsontwerp stel in hierdie verband die daarstelling van misdrywe en strawwe voor.
- 3.9.4 Die Wetsontwerp maak voorsiening vir die delegering van bevoegdhede en die opdraging van pligte deur die Premier, die Provinsiale Minister en die Departementshoof.
- 3.9.5 Hierdie Hoofstuk verleen verder aan die Provinsiale Minister die bevoegdheid om regulasies te maak ten einde die implementering van die Wetsontwerp wanneer dit van krag is te fasiliteer.
- 3.9.6 Hierdie Hoofstuk bepaal verder die herroeping van oubedeling-beplanningswetgewing, sekere voorbehoude en oorgangsreëlings, en maak voorsiening vir die datum van inwerkingtreding van die Wet om te verskil in verskeie munisipale gebiede.

4. FINANSIELE IMPLIKASIES

Daar sal in toekomstige boekjare vir die provinsiale werksaamheid ten opsigte van grondgebruikbeplanning begroot word.

5. OORLEGPLEGING

- 5.1 'n Konsepwetsontwerp is in die *Provinsiale Koerant* vir kommentaar gepubliseer.
- 5.2 Die volgende partye is ook geraadpleeg:
Provinsiale departemente
Plaaslike Regering
Georganiseerde Plaaslike Regering
Die Nasionale Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
Rolspelers in die beplanningsbedryf

6. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir beplanning is oortuig dat al die bepalings van die Wetsontwerp binne die wetgewende bevoegdheid van die Provinsie ressorteer.

UMTHETHO OSAYILWAYO OSISIQULUNQO, 2013

Onjongo yawo ikukuhlanganisa imithetho ephathelele kucwangciso lwephondo, kucwangciso nophuhliso lommandla, kuphuhliso lwemimandla yasezidolophini neyasemaphandleni, kulawulo lwenkxaso kwakunye nokubekwa kweliso kucwangciso loomasipala nakulawulo lweendawo zikawonke-wonke neendlela zikamasipala olusukela kulwahlulwa-hlulo lomhlaba; ukubonelela ngezikhokelo zophuhliso lomhlaba zephondo eli; ukubonelela ngobuncinane bezimiselo nemigangatho yezikhokelo zophuhliso lomhlaba nangonxibelelaniso lwezikhokelo zophuhliso olunempumelelo; ukubonelela ngobuncinane bezimiselo nemigangatho yolawulo lophuhliso loomasipala; ukubeka izikhokelo zolawulo lophuhliso lwephondo eli; ukubonelela ngeenqobo zocwangciso lokusetyenziswa komhlaba; ukutshitshisa imithetho yolawulo lwamandulo ethile; nangokubonelela nangeminye imiba enxulumene nale.

NGOKO KE KUWISWA UMTHETHO yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni ngolu hlobo lulandelayo:-

UKUCWANGCISWA KWAMACANDELO OLUHLU (ISHEDYULI)

ISAPHLUKO I

UTOLIKO

5

1. Iinkcazo-magama

ISAPHLUKO II

IMISEBENZI YOOMASIPALA NORHULUMENTE WEPHONDO

2. Imisebenzi yoomasipala
3. Imisebenzi kaRhulumente wePhondo 10

ISAPHLUKO III

UCWANGCISO LOMHLABA

Isigaba I

Isikhokelo sophuhliso lomhlaba sePhondo

4. Isikhokelo sophuhliso lomhlaba sePhondo 15
5. Uqulunqo, ulwamkelo, ukwenziwa izilungiso okanye ukuvandlakanywa kwesikhokelo sophuhliso lomhlaba sePhondo
6. Usungulo lokwenziwa kwezilungiso kwisikhokelo sophuhliso lomhlaba sePhondo

Isigaba 2

Izikhokelo zophuhliso lomhlaba zemimandla yePhondo

7. Izikhokelo zophuhliso lomhlaba zemimandla yePhondo
8. Uqulunqo, ulwamkelo, ukwenziwa kwezilungiso, ukurhoxiswa okanye ukuhlolwa kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba zemimandla yePhondo 5
9. Usungulo lokwenziwa kwezilungiso okanye ukurhoxiswa kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba zemimandla yePhondo

Isigaba 3

Izikhokelo zophuhliso lomhlaba zoomasipala

10. Izikhokelo zophuhliso lomhlaba zoomasipala 10
11. Ulwamkelo okanye ukwenziwa kwezilungiso kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba zoomasipala
12. Ikomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente
13. Inkqubo ngaphandle kwekomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente 15
14. Ukungeniswa kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba zoomasipala
15. Imfano phakathi kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba zoomasipala

Isigaba 4

Izicwangciso zexeshana nangokubanzi

16. Izicwangciso zezinto ezilulwakhiwo (Structure plans) 20
17. Ukuqhutywa kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba
18. Ukupapashwa kwezikhokelo zophuhliso lomhlaba
19. Uthotyelo lwezikhokelo zophuhliso lomhlaba nezincwangciso zezinto ezilulwakhiwo okanye imfano yazo nophambuko kuzo
20. Amarekhodi ezikhokelo zophuhliso lomhlaba 25
21. Ukumanyaniswa kwezinye izicwangciso, imigaqo-nkqubo okanye izikhokelo

ISAHLUKO IV

ULAWULO LOPHUHLISO LOOMASIPALA

Isigaba 1

Izikim zesimo somhlaba 30

22. Isikim semo yomhlaba kwingingqi kamasipala
23. Iinjongo zezikim zemo yomhlaba
24. Iziqulatho zezikim zemo yomhlaba
25. Ukuqulunqwa nokwenziwa izilungiso kwezikim zemo yomhlaba
26. Ikomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente 35
27. Inkqubo ngaphandle kwekomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente
28. Ukungeniswa kwezikim zemo yomhlaba
29. Ukuqalisa kokusebenza kwezikim zemo yomhlaba
30. Ukusetyenziswa komhlaba okuvunyelweyo 40
31. Amarekhodi ezikim zemo yomhlaba
32. Ukuqhutywa kwezikim zemo yomhlaba

Isigaba 2

Izikim ezikhoyo zocwangciso lweedolophu nobume bomhlaba

33. Izikim ezikhoyo zocwangciso lweedolophu nobume bomhlaba 45

96

Isigaba 3

Izimo zomhlaba namanye amalungelo osetyenziso

34. Amalungelo osetyenziso
35. Utshintsho lwemo yomhlaba, uphambuko okanye usetyenziso ngemvumelwano 5

Isigaba 4

Ulwahlulwa-hlulo lomhlaba

36. Ulwahlulwa-hlulo lomhlaba

Isigaba 5

Iindawo zikawonke-wonke 10

37. Iindawo zikawonke-wonke

Isigaba 6

Uhlanganiso lweziza zomhlaba

38. Uhlanganiso lweziza zomhlaba

Isigaba 7 15

Imiqathango enyinayo

39. Ukususwa, ukumiswa kwexeshana okanye ukwenziwa kwezilungiso kwimiqathango enyinayo

Isigaba 8

Imiqathango 20

40. Imiqathango
41. Ukwenziwa kwezilungiso kwimiqathango

Isigaba 9

Iinkqubo nokwenziwa kwezigqibo

42. Ubuncinane beenkcukacha ezifanele ukungeniswa 25
43. Ukupapashwa kwezaziso
44. Ukuhanjiswa kwezaziso
45. Uvakaliso lwezimvo lwephondo ngezicelo zokusetyenziswa komhlaba
46. Ubude bexesha lokwenziwa kwezigqibo ekungenakudlulwa kubo
47. Uvakaliso lwezimvo lwezigqeba zikarhulumente 30
48. Iintlawulo zezicelo zokusetyenziswa komhlaba
49. Iziseko zovandlakanyo lwezicelo zokusetyenziswa komhlaba
50. Ukwaziswa kwezigqibo zoomasipala
51. Izibheni ngezicelo zokusetyenziswa komhlaba
52. Uvakaliso lwezimvo zePhondo ngezibheni 35

ISAHLUKO V

ULAWULO LOPHUHLISO KWIPHONDO

53. Ukuvunywa kophuhliso lomhlaba liPhondo
54. Isigqibo seNtloko yeSebe
55. Iziseko zovandlakanyo lwezicelo zokuphuhlisa komhlaba 40

- 56. Ukubhenela kuMphathiswa wePhondo
- 57. Ukuphelelwa kolwamkelo lophuhliso lomhlaba

ISAHLUKO VI

IINQOBO ZOCWANGCISO LOKUSETYENZISWA KOMHLABA

- 58. Ukusetyenziswa kweenqobo zocwangciso lokusetyenziswa komhlaba 5
- 59. Iinqobo zocwangciso lokusetyenziswa komhlaba

ISAHLUKO VII

ULWAPHULELO NOGUNYAZISO

- 60. Ulwaphulelo nogunyaziso lwePhondo
- 61. Ulwaphulelo olunxulumene nolwahlulwa-hlulo nohlanganiso 10

ISAHLUKO VIII

IKOMITI YEENGCEBISO NGOCWANGCISO

- 62. IKomiti yeeNgcebiso ngoCwangciso
- 63. Amalungu eKomiti
- 64. Ixesha lobulungu nemiqathango yenkonzo 15
- 65. Iintlanganiso zeKomiti

ISAHLUKO IX

IZIBONELELO NGOKUBANZI

Isigaba 1

Uvandlakanyo lwemiba yocwangciso lokusetyenziswa komhlaba 20

- 66. Uvandlakanyo nezindululo zabacwangcisi ababhalisiweyo

Isigaba 2

Iinkqubo zezigqibo ezimanyanisiweyo

- 67. Iinkqubo zezigqibo ezimanyanisiweyo

Isigaba 3

25

Uqinisekiso lothotyelo, izigqitho nezohlwayo

- 68. Amagunya okuhlola nokuqinisekisa uthotyelo
- 69. Iwaranti
- 70. Isaziso sokulungisa utyeshelo
- 71. Iziqulatho zesaziso 30
- 72. Ukulungisa utyeshelo
- 73. Uqwalaselo nguMphathiswa wePhondo
- 74. Izigqitho nezohlwayo

Isigaba 4

Unikezelo lwamagunya

35

- 75. Ukunikezelwa kwamagunya nolwabiwo lwemisebenzi

Isigaba 5

Imigaqo nezikhokelo

76. Imigaqo nezikhokelo

Isigaba 6

Utshitshiso lwemithetho, nosindiso nezibonelelo zexeshana 5

77. Utshitshiso lwemithetho

78. Usindiso nezibonelelo zexeshana

Isigaba 7

Isihlokwana esifutshane nokuqalisa

79. Isihlokwana esifutshane nokuqalisa 10

ULUHLU (ISHEDYULI)

IMITHETHO ETSHITSHISWE LICANDELO 77

ISAHLUKO I

UTOLIKO

Iinkcazo-magama 15

1. Kulo Mthetho, ngaphandle kwalapho imeko elisetyenziswe kuyo igama ilinika enye intsingiselo—

“**isiphathamandla sezibheni**” sithetha isiphathamandla sikamasipala esiqwalasela isibheni ngesigqibo sikamasipala esikhankanywa kwiSahluko IV;

“**IKomiti**” ithetha iKomiti yeeNgcebiso ngoCwangciso enokuthi imiselwe phantsi kwecandelo 62; 20

“**isiphathamandla esisegunyeni**” sithetha umasipala, iKhabhinethi yePhondo, iNkulumbuso yePhondo, uMphathiswa wePhondo okanye iNtloko yeSebe, ngokwalowo ke ufanelekileyo, othi aqwalasele isicelo okanye enze umsebenzi, njengoko kuchazwa kulo Mthetho; 25

“**umntu osegunyeni**” uthetha umntu onokuthi enze isicelo sokusetyenziswa komhlaba, njengoko kubekwa ngumasipala lowo uchaphazelekayo;

“**ukuthobela**”, ngokuphathelele kwisikhokelo sophuhliso lomhlaba, kwisicelo sokusetyenziswa komhlaba okanye kwisicelo sophuhliso lomhlaba, unalaa ntsingiselo ichazwe kwicandelo 19(1); 30

“**ukusetyenziswa ngemvumelwano**” kuthetha ukusetyenziswa komhlaba okuvunyelwe ngokwemiqathango yesimo somhlaba esithile ngemvume kamasipala;

“**ukufana**”, ngokuphathelele kwisikhokelo sophuhliso lomhlaba, kwisicelo sokusetyenziswa komhlaba okanye kwisicelo sophuhliso lomhlaba, unalaa ntsingiselo ichazwe kwicandelo 19(2); 35

“**uMgaqo-siseko**” uthetha uMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996;

“**ubaluleko ngokwenkcubeko**” luthetha ubaluleko ngokwenkcubeko njengoko luchazwa kwicandelo 2 loMthetho oyi*National Heritage Resources Act*, 1999 (uMthetho 25 ka-1999);

- “**uMthetho oyiDeeds Registries Act**” uthetha uMthetho oyi*Deeds Registries Act*, 1937 (uMthetho 47 ka-1937);
- “**iSebe**” lithetha isebe lephondo elijongene nocwangciso lokusetyenziswa komhlaba;
- “**uphambuko**” luthetha ubungakanani bophuhliso obutshintshiweyo obuvunywe isigxina okanye ilungelo lokusebenzisa umhlaba ngenjongo eyamkelwe ixeshana; 5
“**umsebenzi okhethiweyo**” uthetha umsebenzi weSebe eli okhethwe phantsi kwemiqathango yecandelo 68(1) ukuba aqhube uhlobo lenyathelo lokuqinisekisa uthotyelo;
- “**ulawulo lophuhliso**” luthetha ulawulo lophuhliso lomhlaba ngokwamanyathelo achazwe kwiZahluko IV no-V, nakwiZahluko VI ukuya kwese-IX apho 10 zichaphazeleka khona kuzo iZahluko IV no-V;
- “**ubungakanani bophuhliso**” buthetha isibonelelo okanye unyino kwisikim sobume bomhlaba obuchaza ubungakanani obuvumelekileyo baloo mhlaba usetyenziswayo ngokwemiqathango yobume bomhlaba;
- “**idayagram**” ithetha idayagram njengoko ichazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi*Land Survey Act*, 1997 (uMthetho 8 ka-1997); 15
- “**umasipala wesithili**” uthetha umasipala wesithili njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi*Local Government: Municipal Structures Act*, 1998 (uMthetho 117 ka-1998);
- “**iinkonzo zobunjineli**” zithetha inkqubo yobonelelo ngamanzi, ngogutyulo lwelindle, 20 ngombane, ngeendlela zikamasipala, ngemisele yamanzi emvula nangerhasi/ngegesi, neyokuqokelelwa nokuthuthwa kwenkunkuma, inkqubo leyo eyimfuneko kuphuhliso lomhlaba;
- “**indalo nokuyingqongileyo**” ithetha indawo njengoko ichazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi*National Environmental Management Act*, 1998 (uMthetho 107 25 ka-1998);
- “**isicwangciso ngokubanzi**” sithetha isicwangciso ngokubanzi njengoko sichazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi*Land Survey Act*, 1997;
- “**iNtloko yeSebe**” ithetha intloko yesebe lephondo elijongene nocwangciso lokusetyenziswa komhlaba; 30
- “**ubutyebi belifa lemveli**” buthetha indawo enobaluleko ngokwenkcubeko;
- “**inkonzo yobunjineli yangaphakathi**” ithetha inkonzo yobunjineli kamasipala eqhutywa ngumasipala okanye umniki-nkonzo ngaphakathi kwemida yengingqi ekhankanywa kwisicelo sokusetyenziswa komhlaba neyimfuneko ekusetyenzisweni nasekuphulisweni komhlaba; 35
- “**umhlaba**” uthetha isiza okanye inxenye yefama, kwaye ubandakanya nalo naluphi na uphuculo okanye isakhiwo kuloo mhlaba kunye naliphi na ilungelo elililo kumhlaba;
- “**uphuhliso lomhlaba**” luthetha ulwakhiwo lwezakhiwo okanye izinto ezilulwakhiwo okanye ukujikwa kwendlela osetyenziswa ngayo umhlaba, kubandakanya ukusekwa kweelokishi, ukwahlulwa kwakhona okanye ukudityaniswa kwemhlaba okanye nalo 40 naluphi na uphambuko kwindlela yokusetyenziswa komhlaba oluvunywe phantsi kweso sikimi semo yomhlaba ochaphazelekayo;
- “**isicelo sophuhliso lomhlaba**” sithetha isicelo esifakwe kwiNtloko yePhondo esikhankanywe kwiSahluko V;
- “**isiza somhlaba**” sithetha inxenye yomhlaba obhalisiweyo okanye onokukwazi 45 ukubhaliswa kwiofisi yobhaliso lweetayitile, kwaye sibandakanya ilungelo longengomnini wawo okanye loqeshileyo kuwo;

- “ukusetyenziswa komhlaba”** kuthetha injongo osetyenziselwa okanye onokusetyenziselwa yona umhlaba ngokusemthethweni ngokwemiqathango yesikim sobume bomhlaba okanye ngokwemiqathango yayo nayiphi na imvume, okanye imvumelwano ethe yakhutshwa sisiphathamandla esisegunyeni, kwaye kubandakanya nayiphi na imiqathango ephathelele ekusetyenzisweni komhlaba; 5
- “isicelo sokusetyenziswa komhlaba”** sithetha isicelo esenziwa kumasipala nesikhankanywe kwiSahluko IV;
- “ucwangciso lokusetyenziswa komhlaba”** luthetha ulawulo locwangciso lokusetyenziswa nokuphuhliswa komhlaba;
- “uMthetho oyiLess Formal Township Establishment Act”** uthetha uMthetho oyiLess Formal Township Establishment Act, 1991 (uMthetho 113 ka-1991); 10
- “umasipala wengingqi”** uthetha umasipala wengingqi njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyiLocal Government: Municipal Structures Act, 1998;
- “umasipala wesixeko”** uthetha umasipala wesixeko njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyiLocal Government: Municipal Structures Act, 1998; 15
- “ingingqi kamasipala”** ithetha ingingqi ephantsi kolawulo lukamasipala ebekwe ngokwemiqathango yoMthetho oyiLocal Government: Municipal Demarcation Act, 1998, (uMthetho 27 ka-1998);
- “umphathi kamasipala”** uthetha umphathi kamasipala njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyiMunicipal Systems Act; 20
- “isikhokelo sophuhliso lomhlaba sikamasipala”** sithetha isikhokelo sophuhliso lomhlaba sikamasipala njengoko sichazwa kwicandelo 10;
- “uMthetho oyiMunicipal Systems Act”** uthetha uMthetho oyiLocal Government: Municipal Systems Act, 2000 (uMthetho 32 ka-2000);
- “umasipala”** uthetha umasipala njengoko echazwa kwicandelo 2 loMthetho oyiMunicipal Systems Act kwaye— (a) 25
